


Deel 3 van 3

**P I E T E R S F O N T E I N**

## HOOFSTUK 10

### Hoe die vervoer en boerderygereedskap verbeter het

Dis seker omdat die paaie aan die begin so sleg en swaar was dat die boere vir baie jare voor 1900 maar net die swaar stampwa met agt trekdiere, te perd of dapper en stapper gebruik het om oor die weg te kom. Die eerste ou kar met so 'n lang bak, is voor 1900 deur oompie Dawid se oupa gekoop, maar met die swaar pad het hy maar baie keer vier trekdiere voor gespan. Dis seker daarom dat ou Grootjie so dikwels van dapper en stapper gebruik gemaak het dorp toe. Eendag stap hy Baden af en gaan, waar Tokkie Bussell nou woon, aan vir 'n koppie koffie. Die oubaas Le Roux bied toe aan om hom met die kar te gaan wegbring. "Goed", sê die oubaas, "span maar in, ek stap solank", en gooi sy dorpsskoene oor sy skouer en vat die pad en die gasheer ry hom op Die Erf eers in.

Na die agterbriek die remskoen vervang het, het dit nog weer ’n hele tydjie geduur voor die voorbriek en vere aan die wa aangebring is en daarna was die dienste van die agterbriek-draaier nie meer so nodig nie. My ouers se bruidswaentjie, deur wit perde getrek, het al in 1895 vere gehad, maar nog nie 'n voorbriek nie.

Oompie vertel dat die plaas se jong klomp oom Sias se ou groot stampwa die middag ingespan het om die bruidspaar van Groenland-se-hoogte af die plaas in geleide te doen.

Die karre het vinnig vermeerder, maar met ysteraste, ook klopaste genoem, wat met ghries gesmeer is en 'n dop en steker voor die wiel deur die as. In die twintiger jare is die klopaste vervang met "patent-aste" met olie as smeermiddel. Die Tasse het hul klopaste behou en Uncle se bloukar is nou nog in die plaas. Hier was net twee kapkarre, ’n witte en 'n swarte, in die plaas.

Die boere met spanne trekdiere het gewoonlik twee aanteelmerries aangehou, want die perde- en muilverkope aan die Jode was ook 'n bron van inkomste. 'n Oubaas, darem nie by ons nie, verkoop op ’n dag sy twee karperde aan 'n Jood, wat hulle toe sommer inspan, maar voor hy ry, kom die tante te voorskyn en beveel hom om die perde uit te span, want dis haar perde. “Maar missies, ek het hulle gekoop", keer die Jood, maar hy moes net

mooitjies uitspan. Toe sê die verslae Jood vir die man: “Jozua, jy moet vir Ellen ferweel koop vor 'n broek – flanelet is vor haar too sag".

Dit het heelwat oorredingsvernuf van my suster gekos om my pa so ver te kry om 'n nuwe 1930-model Plymouth Sedan met houtspeke vir R600 te koop. Petrol was maar 15c per gelling, maar pa se redenasie was: "My karperde se voer wen ek, maar die ding se voer vat my geld oor see". My broer het toe sy karperde, Sandillie en Calvyn, met bakkiekar en al verkoop. Die vragmotors het ook kort daarna hul verskyning hier gemaak, want die Grootlanders het 'n tweedehandse twee-ton Chev.6 gekoop, wat in 1938 deur 'n nuwe houtkappie groen Chev. vervang is. Die vragmotor, wat alle vervoer behartig het en A F se ses seuns laat uitpasseer het, het drie-en-dertig jaar goeie diens gegee en is eers in 1977 van die plaas af. In 1945 het Kriel Broers 'n nuwe 3-ton Sedankap Chev. vragmotor vir £389 (R778) gekoop en dit het my van die transportwa verlos. Ons nuwe K.W.V. depot in Langstraat 38 se aflaaigeriewe (1944) was toe ook net vir vragmotors ingerig.

Voor 1950 het almal in die plaas al een of meer petrolsuipers gehad. Die vier waspanne trekdiere het verminder tot net een perd in 1976 om wingerdploeg te trek, want die eerste trekker het al in 1950, 'n tweedehandse Massey Harris, sy intrek by oom Piet Kloof geneem en in 1957 het skrywer self 'n tweedehandse David Brown met driepunt, ’n tweeskaar ploeg en 'n sny-eg gekoop.

Dis bepaald aan die konserwatiewe leefwyse te wyte dat ons plaas so betreklik stadig ontwikkel het soos ons aanstons in die waardasie sal toon.

Tot omstreeks 1910 was geld in die plaas maar skaars, maar hoewel die boere onder mekaar klein leninkies aangegaan het vir 'n lewensbehoefte, het hulle nooit groot lenings vir ontwikkelings aangegaan nie. (In my pa se inkomste en uitgawe boekie kom 'n bedrag van "elf shillings en ses dubbeltjies teen 10% rinte voor waarde genoten" voor). Vandag kom dit wel voor dat van die boere lenings aangaan vir ontwikkeling, maar tog nog op klein skaal. Seker omdat die ouers van die vorige eeu so swaar gekry het, het hulle die beleid op hulle kinders afgedruk om agter hul geld aan en nie vooruit te leef nie. So het oom Giep de Kock die mooi getuigskrif van een van ons buurplase se boere gekry: 'n Ryk oom van Caledon het navraag gedoen of oom Giep darem sy dogter se geld reg sal kan bestee as hulle trou. Toe was die buurman se antwoord: "Daaroor kan oom gerus wees, want haar geld sal by hom net so veilig wees as by die Reserwe Bank". Ongelukkig sterf die nooi toe voor hy dit kon bewys.

So was, van stadige vooruitgang gepraat, die Afdelingsraad waardasie in 1946, 101 jaar na Grootjie de Kock se koopskat van £600 (R1,200) maar R32,940 en belasting R128,77 teenoor Verreynne se R15.30 vir ordinansie.

1950-waardasie was R50,950 met R234.51 belasting.

1957-waardasie was R89,620 met R375 belasting.

Met die 1957 waardasie het ek en die Afdelingsraad Sekretaris die onverdeelde Moedverloor se belasting uitmekaar gemaak, sodat die beslommernis om die regte bedrag by elke aandeelhouer in te vorder, uitgeskakel is. 'n Oubaas het gesê as hy 'n kwart pennie moet uithê, moet die kollektant hom ’n half dosie vuurhoutjies gee as hy nie die oortjie het nie. Met

elke nuwe waardasie moet 'n nuwe verdeling, wat met 96stes gewerk het, uitgewerk word. Niemand anders wou die werk by my pa en later by my oorneem nie.

In 1962 was die waardasie R114,160 belasbaar R80,580. Die 1971 s'n kom in 1974 in werking. Waardasie R34,630 belasbaar R229,630. Waar sal die volgende waardasie ons aanslaan?

## HOOFSTUK 11

### Kerk en Godsdiens

Weens die swaar padverbinding en as buitewyk, Achter de Cogmanskloof, van die gemeente Swellendam, kon hierdie mense seker nie dikwels kerk bywoon nie, maar net soos die ou Voortrekkers was hierdie mense ook vas aan hul Bybel. Daar is gereeld soggens en saans "boeke gevat", asook Sondae môres onder kerktyd, by welke geleentheid hulle nie wou gesteur wees nie. Daar is ook gereeld godsdienssang beoefen en dit was ’n belewenis om op 'n stil aand buite te staan en luister hoe die gesinne hulle aandgesange een na die ander trekkerig op die aandluggie uitstrooi.

Die mense moes maar Swellendam-toe vir besigheid of Nagmaal, maar kinddoop kon darem af en dan ook by ’n buitediens waargeneem word. So het ou Grootjie de Kock se ouers van Keerom hom in Februarie 1802 op Tulbagh laat doop, maar is op Swellendam getroud. Paartjies wie se troukoors te hoog geloop het sonder ’n beskikbare predikant, het maar eers by ’n meer beskikbare landdros-kommissaris gegaan, en dan later kerklik getrou. So het my ma geweet hoe haar ouma Kriel (de Kock) se uitrusting gelyk het. Dit was 'n lang tafsy romp, maar die bolyf was net bedek met ’n kort soort buustelyfie en bo-oor 'n groot doek op die skouers en onder die keel vasgesteek met ’n groot versierde borsspeld.

In 1852, deur bemoeiing van Jozua P. Joubert, 16 Desember 1799 – 16 Augustus 1865 en getroud met S.C.M. Burger, stamvader van Rietvlei No 2 se Joubert's, hy was destyds op Die erf woonagtig en ouderling van die wyk Achter de Cogmanskloof van Swellendam gemeente, het Montagu sy eerste kerk, Gesticht genoem, gekry vir wyksbyeenkomste. Dit was Montana in Badstraat, waar die Gesondheidsdepartement tot onlangs gehuisves was. Die eerste kerkraad vir ’n volwaardige gemeente is op 16 Oktober 1854 deur die ring benoem. Ouderlinge: J.P. van 2yl, P.J. Joubert. Diakens: D.J. Burger, F.D. du Toit, J.A. le Roux en G.J. P. Kriel.

Die Bestuurders van die Gesticht, naamlik J.P. Joubert, B.B. Burger, A.P. Burger, J.F. van Zyl en D.S. van der Merwe, het toe op 9 Januarie 1855 onder leiding van dr. Robertson, predikant van Swellendam, die gebou aan die kerkraad oorhandig met Kaart en Transport en 90c as neseier vir 'n boufonds. Die Direkteure, seker die Dorpsbestuur, naamlik: D.S. van der Merwe, P. Joubert, F.D. du Toit, J.A. le Roux, B.J. Keet, G.J. van Zyl en J.P. Roux, het net daarna £1, 500 as boufonds oorhandig, waarvoor dr. Robertson sy dank uitspreek.

'n Boukommissie van sewe lede, onder andere ’n Paulsen, is benoem en die Burger Broers van die Koo het borg geteken vir 'n moontlike tekort. Die boukontrak van £4,300 (R8,600) is toegeken aan Barry & Nephew en die Heer van Oudtshoorn van Swellendam het in 1858 die hoeksteen gelê. Dr. Servaas Hofmeyr is beroep en het aangeneem, maar kon eers op 29 September 1860 sy intreepreek lewer oor Romeine 15:29. (Verw. 1. Tesis van J.A. Theron vir

M.A. graad oor Godsdiens en Onderwys in Montagu. Beskikbaar in Argief Onderwysbiblioteekdiens. 2. Joubert-geskiedenis – Montagu Museum. 3. Dr. S. Hofmeyr).

Doktor het glo op sy huisbesoek-rondtes maar eintlik min kinders te sien gekry, want hulle het hom net op 'n afstand beloer – soms uit 'n boom. Kinders het nie destyds met hoë gaste saam aan tafel geëet nie, maar moes in die kombuis eet en die gas deur die sleutelgat beloer. Ma sê my suster Maria kon haar nuuskierigheid darem nie bedwing toe dr D.F. Malan later jare by ons geëet het nie. Sy het die kombuisdeur stadig oopgemaak en toe ma haar gewaar, glip sy onder die tafel in.

So op sy huisbesoekrondtes en nou en dan 'n buitediens, het dr. Servaas en van sy opvolgers, ook dikwels die doop bedien, somtyds aan meer as een kind van 'n ouerpaar. Oom Gertjie de Kock, wat ook hier in die skool gedoop is, vertel dat hy al nege jaar oud was toe hy die eerste keer dorp-toe is om vir sy half blinde pa op die pad te help.

Hy het ook interessante ontmoetings gehad. So gebeur dit op 'n keer dat hy by ou oom Andries se huis uitspan. Die ou tante sê toe vir haar man hy moet nou eers die twakdraaiery los waarmee hy en oom Gertjie Roux besig was. Die oubaas was baie doof en gaan maar voort. Toe doktor binnekom en die oubaas groet en na sy welstand verneem, antwoord hy: "Om Rôeveld toe te neem". Die oubaas het seker by homself gedink doktor sal vra wat hy met die twak wil maak. Die twee ou tannies gaan toe op die rusbank sit waaronder oom Gertjie ingekruip het toe doktor inkom. Oom Gertjie se vrou het met 'n mes in die hand gesit en appel eet en toe sy die ou se kop gewaar kap sy kort-kort met die mes se hef op sy kop so onder die gesels deur. Sy het sy kop so warm gemaak, dat hy verplig was om verleë uit te kruip voor doktor met die Bybellees begin. doktor het gelukkig geen opmerkings gemaak nie en hy vra hom toe die aand om saam te stap na 'n ou veewagtershuisie by die dipkraal. So met die gesels vra doktor hom toe: "Gert, doen jy ook sonde?" "Ja", sê Gert, "maar darem net die klein sondetjies". doktor het toe darem ook nie die ou verder gepla nie. Op 'n slag vra dr Servaas vir hom of hy ook bid en dank oor tafel. "Nee" kom die antwoord. "En hoekom nie?" "Ek het nie 'n tafel nie en as ek dan so bid 'Segen onse tafel met die spyse uit U milde hand verkregen', lieg ek mos, want ons eet by 'n teekasdoos wat tant Martjie vir ons geleen het". Dr Servaas sterf in Desember 1888 en daar was omtrent 'n duisend treurende siele op sy begrafnis. Net soveel juigende siele was op sy verwelkoming.

Dieselfde ongeletterde oom Gertjie was met doktor se opvolger, Ds George Malan, ook in die verleentheid. Die dominee het 'n diens gehou in oom Andries se huis en my pa het vir almal sitplekke gewys, maar oom Gertjie, 'n strawwe pruimer, het gemeen om maar op die stoep te bly staan, dan kan hy gemaklik van die oortollige twaksop ontslae raak. Toe al die mense in is, was daar nog een plek voor die dominee en pa dam die ou onverhoeds by en bring hom in voor hy kan ontslae raak van sy pruimpie. Onder die preek moes hy toe maar eers die twaksop stil-stil wegsluk en later het die pruimpie ook maar die uitweg in sy keel af gevolg sonder enige tekens van ongemak. Die ou was darem deurtrek van die perskesop twak, want op 'n dag het hy met oom Andries 'n weddenskap aangegaan vir 20c dat hy 'n heel geswete twakblaar sal opeet sonder enige nagevolge. Hy het sy 20c gewen. Geen insek sou hom kon byt sonder om 'n gewisse dood te sterf nie.



*L/R Agter: Esta en Kotie*

*Voor: Alewyn, J.F.D. Ma Hester, en Willie tweelingbroer van Alewyn.*

Aan die beginjare van ons gemeente was daar net een groot gemeentebasaar op die dorp, maar na dr D.F. Malan se kom in ons gemeente het hy ‘n kaartjie, geteken 15 April 1908, laat druk en saam met 'n  ope brief aan gemeentelede gestuur. Die kaartjie is nog in my besit. Daarin doen hy 'n beroep op die gemeente om oor te gaan na wyksbasaars omrede daar so baie arm mense sonder rytuie is wat nie op die dorp kan kom deelneem nie. Ek weet nie of ons plaas se vrouens vinniger georganiseer het as die ander wyke s’n nie, maar die eerste wyksbasaar is hier gehou. Anna Retief, 'n skooldogter, het vir doktor ’n knoopsgat ruiker aangesteek en daarna het al die skoolkinders hulle linnesakkies met spaargeld vir die Kinderkrans op die tafel kom uitskud. Die seuns het seker almal meer as die dogters gehad, want hulle het volstruisvere opgetel en aan die Jode verkoop en voëleiers en -koppe is aan die Bestuur van die Afrikanerbond Tak hier verkoop. Ou Vaas se sakkie het die meeste geld bevat, maar 'n dogter, Ellie, het net ‘n sent gehad en toe sy vir ou Uncle nog iets vra, stuur dié haar na dr Malan, wat toe 'n trippens *(*2½ sent) in haar sakkie gooi. doktor was so verheug toe hy die som van £50 (R100) afkondig, dat hy gesê het hy sal Pietersfontein se fees as 'n model vir die ander wyke voorhou. Ons wyk is Middelvoetpad, Patatsfontein, Krakadouw en Doornkloof. Op die eerste basaars was uitsluitlik koffie, bier en gebak en 'n bietjie produkte vir die vendusie, maar my ma het toe begin om kos te kook vir 'n dosyn mense wat by ons huis wou kom eet vir 15c 'n vol ete. Ek sien nou nog ou ds. van Huyssteen so duidelik met Manel en Keil met sy lang treë tussen die groepie padlangs stap om te gaan eet. Tussen hakies – die aangenaamste herinnering uit ds. van Huyssteen se tyd was die lekker kinderfeeste elke jaar in die lente, oorkant waar Montagu-Suid se rolbalbaan nou is. Daar het honderde kinders byeengekom. Elkeen moes net sy eie bekertjie saambring, met sy naam onder die boom vasgeplak, waarin hy dan sy koffie kry en koek in die hand. Kringspeletjies, sing, raas, knikkers en kalkoentjies soek was tog te lekker. Sondag was dan Kindersondag.

Later het my ma die heerlike warm ete skool toe gebring en nog later het drie vrouens elk op haar eentjie hul kostafel in die skool gehad, maar die jong garde koöpereer nou net een groot kostafel en ons basaar bly bekend vir sy lekker ete – al kos dit nou R1. Nadat die basaar afgesluit is met die afkondiging van die opbrengs en die oumense oppak en huiswaarts keer, het die jong klomp "Ly of gly", "Oubaas se swartvark" en "Raad in tyd van siekte" gespeel tot die skadu's lank geword het. Die gesellige gebruik het tot laat in die twintiger jare voortgeduur, totdat ons jong mense later te min geword het, maar vandag moet 'n mens sommer regtig mooipraat dat almal moet bly tot die basaaropbrengs afgekondig is.



*Van die jongmense van Pietersfontein met Pietersfontein Laerskool in die agtergrond in die vroeë 1900's*

Die verbetering op finansiële gebied is jaar na jaar in ons dankfeeste weerspieël. Ek het ongelukkig eers van 1955 af aangeteken en gee net 'n paar, naamlik: 1955 – £595 (R1,190); 1964 – R1,617; 1974 – R2,058 en in 1976 – R2,925 terwyl in 1979 die mooi bedrag van R3,040 ingesamel is.

Die predikant het op huisbesoek met sy kar en perde net tot by die ouderling van ons wyk gekom en dan moet die ouderling die vervoer verder per perdekar verskaf en het hy gewoonlik 'n nag of twee in die wyk oorgeslaap. Ou ds. Van Huyssteen het lank reeds 'n motor gehad, maar wou nie daarmee sy huisbesoek-rondtes ry nie. Vandag deurkruis die dominee die wyk meestal sonder die ouderling net in een dag.

Hier was van na 1900 'n Sondag-biduurkring in die skool wat tot omstreeks 1925 bestaan het, maar onder leiding van ds. Leon Steenkamp en Japie Weideman het ons in 1971 weer begin met 'n maandelikse biduur van huis tot huis en die bywoning is sover nog goed. Dit was mooi om die string perdekarre met 'n Nagmaal teen die Keisieshoogte te sien uitslinger. Ons mense

het almal tuishuise gehad – vandag is dit nog net ek wat een het. My pa het die huis reeds in 1913 gekoop.

Om hierdie Kerkhoofstuk mee af te sluit – nog net iets oor begrafnisgewoontes en ons kerkhowe.




Die laaste rusplek van die eerste blankes op ons plaas is langs die suidelike wal van my beurtdam wat oor die honderd jaar na die kerkhof gemaak is. Daar lê omtrent 'n veertig graftes, maar al bekendes van wie die graftes kon uitgewys word, is dié van oom Andries, sy eerste vrou en sy seuntjie wat langs mekaar in die linkerbohoek van die kerkhof lê. Die oom was baie jare met sy tweede vrou getroud en het 'n swaar beroerte aanval gekry, sodat hy nie kon praat nie, maar voor hy sterf maak hy 'n slag sy oë oop en sê heeltemal duidelik vir sy kinders hulle moet hom in die ou kerkhof begrawe – dit was in 1902. Dit was ook nog al plek wat daar oop was. Die vierde graffie is bekend vanweë die enigste grafsteen – 'n plat klip waarop sy ma sy naam eiehandig uitgekap het. Die ou kerkhof is met die 1918 griep deur die boere omhein, maar die graftes het totaal toegegroei. Die verwaarloosde toestand en die ligging van die kerkhof, in goeie bougrond wat 'n versoeking kan wees vir latere eienaars om dit om te ploeg soos met so baie vandag gebeur, het ou Vaas de Kock so ontstel dat hy 'n R2,000 erflating nagelaat het vir die herstel en instandhouding daarvan. Ons twee het saam besluit oor 'n plan

en na sy dood in 1973 is die werk toe netjies gedoen met 'n naald in die middel van die grafsteen van die seuntjie in die sementblad ingelê waar sy graffie was. "Johannes Hendrik Jordaan; Geboren het jaar 1871 5 Jan. Overleden op den 24 Aug. 1877".



Aangesien die restourasie in die "Jaar van die Groen Erfenis" geskied het, het ek 'n kerkhofsipres langsaan geplant om die werk af te rond.

Die kerkhof, tans nog in werking, is reeds in 1893 begin toe 'n Palvie-dogter daar begrawe is. Tant Pattie het vertel hoe haar niggietjie die aand na die begrafnis gehuil het omdat die mense die arm dogtertjie daar in die veld gaan begrawe het. Dit was toe eintlik 'n volstruiskamp. Die tweede Palvie-dogter, ’n sussie se oorskot, het gou gevolg en die C.J.V het die plekkie geheiligde grond ook in 1918 omhein. In 1971 het ons die kerkhof vergroot met plek vir nog drie rye met geld wat Hannie (Pattie) gegee het en die groot hek ook ingesit. Vanaf 1931 het

die grafstene eers begin opkom, maar in 1973 is ruwe granietstene op die graftes sonder naam, behalwe vier, gesit – ook nog uit die fonds van ou Vaas – wat die totale uitgawe toe op R1,900 gebring het. Dit het nog R100 vir instandhouding gelaat.

Ek het reeds in 1950 ’n plan van die kerkhof opgestel en al die name op die graftes in die plan ingevul en die familiebande aangetoon soos vyf van die plaas se oudste vrouens dit aan my uitgewys het. Net die twee Palvie's het tot nou toe nie familiebande nie.



*Die nuwe Kerkhof van Pietersfontein*

Die jare voor die telefoon is die begrafnisbriefie te perd of te voet van plaas tot plaas aangestuur en in die reël was die begrafnis nie voor die derde dag na oorlye nie. Die lyk is in sy eie huis of buitegebou gehou en voor die diens skool-toe gedra. Na die diens word die kis opgeneem deur die ses draers om wie se hoede 'n drie sentimeterr breë en 'n meter lange lanfer gedrapeer is plus nog 'n lanfer armband. Die familievrouens het, benewens swart drag, ook groot vierkant lanfers om hul skouers gedrapeer en stukkies aan hul hoede gesteek. Dis seker die "lanfers" waarvan in ons Volkslied aangehaal word. Die lanfers is dikwels oor en weer geleen. Twee stoele is saamgedra om die kis op te laat rus as die draers omruil.

Nadat die kis met rieme neergelaat is en die leraar die teraardebestelling afgehandel het, word 'n plank-valsdeksel op gesit en kom die familie eerste nader en gooi 'n graaf of twee vol grond in die graf. Die mans vul die graf op terwyl 'n hele aantal hallelujaliedere gesing word. Ek weet nie dat 'n Kleurling ooit voor die vyftiger jare nader geroep is om die graf klaar op te vul nie.

Op 29 Maart 1958 is vir die eerste keer van 'n begrafnisondernemer gebruik gemaak by die

begrafnis van my skoonsuster Martjie. Sy is ook in die eerste voluitgemesselde graf begrawe. In 1959 is die tweede keer 'n lykswa gebruik en daarvandaan is dit ’n vaste instelling. Die drie kokerbome is in 1972 geplant.

Toe ons die ruwe stene by die ou graftes aangebring het, is die opmaak van die graf doelbewus ongeskonde gelaat. Op baie van hulle was 'n emmer met 'n lemoenkaartkaktus. Nou is daar weer twee geplant.

Die plaas se Kleurling-kerkhof is ook in 1970 skoongemaak en omhein en nou moet hulle dit aan die kant hou. Ook hulle maak al gebruik van ’n lyksbesorger. Daar is nog net een grafsteentjie – dié van Hannah Swart.

Om hierdie hoofstuk mee af te sluit, net 'n toegif wat ek in die Argief opgespoor het, naamlik 'n Boedelrekening aan begrafniskoste deur 'n koster in April 1849 in Kaapstad ingestuur

| | Rds | Sch | Stuivers |
|---|---|---|---|
| Het gebruik van lykkoets | 24 | | |
| Het gebruik van laken en 64 ellen (23 m) lanfer | 40 | | |
| Kerkgeregtigheid en doodslaken | 4 | 4 | |
| Circulaire na Tuine en Groenpunt | 10 | | |
| 600 invitatie brieven | 30 | | |
| 14 paren swarten zyden handschoenen | 2 | 4 | 4 |
| Een rol lint | 3 | 2 | |
| Voor kleppen van de Geref. Kerkklokken | 166 | 6 | 4 |

Of in vandag se geld: R1.78.

GELDWAARDES:

| **HOLLANDSE GELD** | **S A GELD** |
|---|---|
| 1 Stuiwer (Duit) | 1/8ste pennie |
| 2 Dubbeltjies | 2 pennies |
| 1 Kaapse Gulde | 1/4 pennie |
| 20 Hollandse Gulde | 1/8 (een sjieling & 8 pen.) |
| 48 Riksdaalders | 4/2 (vier sjielings & 2 pen.) |
| 3 Gulde (60 stuiwers) | 5/- |
| 72 silwer Ducatons | 6/- |
| 105 goue Ducatons | 8/9 (agt sjielings & 9 pen.) |

## HOOFSTUK 12

## Onderwys



*Die Pietersfontein skool op die regterkant. Die gebou staan nog (2020)*

Saam met die kerk en godsdiens het natuurlik ook opvoeding gegaan, hoewel die geleerdheid maar uit 'n karige leer lees uit "Trap der Jeug" was om die Bybel te kan lees vir aanneming en so 'n bietjie somme maak, baie sing en – siedaar – ‘n volleerde jongmens!

Die welgestelde boere het maar meestal wegloper Hollanders, sommige waarvan matrose, gehuur om hulle kinders te leer. Die ou meesters het dan ook byna sonder uitsondering in die bottel gekyk as die geleentheid hom voordoen. So was een voorwaarde van ou mnr. Kyfers wat oom Hans Conradie, oupa van A.D. Conradie van Krakadouw, in Doornkloof se kinders ’n tyd lank geleer het 'een sopie' soggens en saans. So het dit op 'n aand gebeur dat hy te 'n groot sopie geneem het en daar kry hy toe die nag 'n ongelukkie in die ou tannie se bed. Toe

sy dit met die aan-die-kant-makery sien, gryp sy dadelik die besemstok en het die ou goed laat deurloop. Die mense hier in die plaas het van die petalje gehoor en toe meester op 'n dag hier kom kuier, vra hulle hom of die mense darem vir hom goed is. "O ja", sê hy. "Hans die zyn een goeie man, maar Sanna, sy's een gele slang", maar verswyg die oorsaak. Die voorval is deur een van sy leerlinge, oom Frikkie Conradie, tans drie en negentig jaar oud, self aan my vertel.

Die plaas se eerste meester was mnr. L.B. van Kieboom wat ou Grootjie se oudste kleinkinders geleer het. Twee van die seuns, Jannie en Jakob, was maar onbruikbaar en op ’n dag ontdek hulle hul pa se soetwynvaatjie in die rietkelder agter die damwal en toe gebeur dit soms dat meester, wat ook maar lief was vir 'n bietjie wyn, in die skool, wat onder 'n afdak voor tant Pattie se agterdeur was, 'n bekende ruikie kry as hy agter die seuns in die klas staan. Hy besluit toe daar en dan dat hy die twee knape gaan dophou. Eendag, na ete, solank die oumense 'n uiltjie knip, bekruip die twee knape weer die keldertjie. Jannie, die grootste, trek die deur onder oop en Jakob kruip in met sy doppie, tap ’n bietjie en gee dit uit. Toe Jan die dop vat, kyk hy in meester se gesig en wat nou? 'n Boerseun kan ook gou ’n plan maak en hulle bied toe sommer die dop vir meester aan dat hy hulle nie moet verklik nie. Toe was die gort net gaar, want toe het die vat 'n derde besoeker. Op ’n dag was meester so 'n bietjie deur die blare en ou tant Sannie Michiel vra vir hom waar hy die wyn kry. Hy antwoord net so kortaf: "Vraag dat voor de Jongen". Ongelukkig vir die twee maats kom daar toe een Saterdagmiddag 'n voorvalletjie met seer gevolge vir hulle. Hulle het weer vir meester getrakteer en toe die doppie trek, wil hy 'n perd by Kriekheuwel gaan vang om Doomkloof-toe te ry. Die ou fluit vir die perd, maar in plaas van die halter aan te sit as hy by die perd kom, slaan hy die perd en dan moet hy maar weer van vooraf mooipraat. Sy twee pelle het hom gehoor en beloer die petalje van agter die populierbos. Toe meester weer probeer om die halter aan te sit, steier hy agteruit en trap 'n hoë wal af en die twee maats bars uit van die lag toe meester so hard met moeder aarde kennis maak. Meester slaan toe maar sy klere af en stap huis toe gaan rus.

Die Maandag hou meester die twee knape na skool. Hy vra hulle toe ook sommer trompop hoekom hulle Saterdag gelag het. Hulle het nie geweet dat meester hulle gesien het nie en stry dat dit bars, maar meester hou vol: "Jan staan te lachte en Jakob staan te lachte, daar komt hy, daar komt hy, daar legt hy" en die ou laat die kweperlat fluit. Dit was ook die einde van die kameraadskap met meester en ook die einde van die proeëry, want Jakob het klaar besluit "Nou sal ek die ou vuilis nie weer drank gee nie". Toe meester sien hy word nie verder getrakteer nie het hy die knape verklik en moes hulle vir die tweede maal riemspring by hul ouers.

Ou meester Kieboom was 'n hele paar jaar hier en het ook testamente opgestel waarvan een nog in my besit is, geteken 14 Oktober 1867.

Na mnr. Kieboom het 'n ou mnr. R. Keet hier skool gehou. By hom het feitlik al ou Grootjie se kleinkinders skool gegaan, onder andere het hy ook die plaas se eie onderwyser voorlopig as onderwyser bekwaam, naamlik J.A. de Kock (MJ/Sn). Na hy, Sias, hier klaar was, was hy nog twee jaar onder die bekwame onderrig van ou mnr. Euvrard op Montagu en het in 1883 hier begin. ’n Ander neef, J.A. de Kock (AF/Sn), het gou gevolg. Die seuns het maar net skool bygewoon as die pa's hulle die dag kan mis by die plaaswerk. So het my vader vertel dat hy maar meeste van die tyd sy somboek saamgedra het veld toe as hy vee oppas en dan werk

hy meester Keet se somprobleme uit. Die langste onderrig wat my pa aaneen gehad het, was drie maande toe hy op Rietvlei by 'n sekere meester Warmeöven gekatkiseer het vir aanneming.



*J.F.D. agter heel regs*

Sang was 'n vername vak op skool en meester Keet het sy skoolspannetjie baie laat sing. Ook mnr Warmeöven se katkisante moes die toniksolva goed kon sing, maar in plaas van D-R-M-F-S-L-T-D soos vandag, was dit toe Ut Re Me Fa So La T Ut. By die aanneming kry elke katkisant dan 'n kans om 'n versie alleen uit die gesangboek te sing. Pa was so flink met sy sang en bybelkennis dat ou dr Servaas Hofmeyr vir hom 'n groot Hollandse Waterdruk Bybel gegee het wat tans nog in my besit is.

J.A. de Kock (AF/Sn) het 'n tydlank 'n "Circuit School" hier waargeneem vanaf 1880. Die skool het rondgetrek tussen Doornkloof, Pietersfontein en Groenland. As die skool die kwartaal in Groenland is, stap ons plaas se kinders soontoe, maar die Doornklowers wat nie kon losies kry nie, het maar uitgebly. Pietersfontein, die middelpunt, se kinders kon die drie myl weerskante toe stap. Middelvoetpad het in Januarie 1864 'n Staatsondersteunde derde klas skool gekry met meester Leon as onderwyser. Die skool sluit in 1866 weens benarde omstandighede en word verskuif na Baden. Op Rietvlei 1 was in 1866 'n skool met 22 leerlinge. Met die begin van "Poor Schools" moes die ouers ook 5/- en 10/- betaal vir 'n kind se slaag in standerd 1 en 2. (Kaapse Onderwysbiblioteek). Die Staat het darem toe ook al begin sorg vir die onderwyser se salaris wat twaalf goue Victoria ponde was wat hy self elke

kwartaal by die pastorie moes gaan haal.

Na die eerste Sias, wat pragtig kon sing, het sy neef, Sias Kockie, hier 'n tyd lank onderwys gegee voor hy Vosburg toe is waarvandaan hy, na baie jare, met die naam Sias Vosburgie, voor die ou Sendingkerk, tans die Montagu Museum, in Langstraat kom boer het.

Die twee De Kock's is opgevolg deur 'n derde plaasseun, hulle neef A.P. Kriel Jnr., my pa se broer. Die skool het toe nie meer getrek nie, maar was hier gevestig. Doornkloof en Groenland het ook later 'n eie skool gekry.

Meester Kriel se skoolloopbaan was ook maar tot "School Higher" op die dorp.

Sy skoollokaal was ook eers die afdakkie voor oom Dries se agterdeur, maar toe sy leerlinge te veel word, het hy sommer 'n leë ondigte twakhuis betrek bokant oom Dries se dam en as dit miskien begin reën, vlug hulle maar weer afdakkie toe. Hy was ook 'n goeie fotograaf, want van die foto's wat hy om en by 1900 geneem het, is vandag nog baie mooi.


Twee van die leerlinge was my pa se suster Sarie en tant Hannie (Koos de Kock). Na meester Kriel 'n ruk lank met die skool aangegaan het, het mnr. Euvrard en inspekteur Muir, latere Superintendent van Onderwys, hier 'n ouervergadering in oom Dries se huis kom hou. Daar is toe besluit dat as die skool vir ’n jaar 'n gereelde bywoning het, sal die Departement £220 bydra vir die bou van 'n skool. Dit was nog voor die plaasverdeling, maar oom Andries het beloof om die stukkie grond van sy deel gratis te gee.



*Die skool gebou kan in die agtergrond(links) gesien word*

Meester Kriel (hy het die eerste en enigste huisorrel gehad wat later ons s'n geword het) het

skaars die jaar gewag en toe het hy in September 1896 landmeter Greef, wat in die Koo besig was, daar gaan haal en ds. Truter ook laat kom. Oompie sê die dominee het self die klippe in sy manelpante aangedra om die bakens te pak waar die penne moet kom. Toe die boere nog talm om te begin, huur meester 'n paar wit man en hy laat hulle sommer van die sagte nabankklippe teen die randjie breek vir die fondasie. Hoe onbruikbaar daardie klippe ookal was, meester het sy doel bereik, want die boere het toe ingespring en mooi bouklip in die Rooivoetpaadjie-se-kop gaan breek. Pa het die stenekontrak gekry teen Rl,25 per duisend, klaar gebrand – vandag R34 per 1 000. Pa se uitgaweboekie toon drie steenvorms gekoop vir 50c stuk.



**Steenvorm vir drie stene van bo gesien**

Dis met die brand van daardie stene dat die qwarriebosse bokant ons huis met hulle lewens moes boet, want toe die tien vragte aangeryde doringhout verbrand was, en die vuur nog nie bo-op wou uitkom nie, moes die groen qwarries dit ontgeld. Hier lê vandag nog koeke gesmelte stene waar die oonde gestaan het. Na die oonde koud was, kon die bouery begin met oom Koot Hannie as bouer en sy twee oudste seuns as handlangers.

Die Transportakte is gedateer 13 Julie 1897.

Met die vrag timmerasie het hulle byna 'n dag lank teen Groenland-se-hoogte bly staan, maar aanhouer wen, en op 25 Augustus 1897 het ds. Truter, mnr. Euvrard en mnr. Basjan Wolfaardt L.W.V., uitgekom vir die inwydingsplegtigheid. Net na die openingstoesprake het dominee begin kollekteer vir die meublement deur self die tafeltjie, vandag nog in gebruik, te gee, mnr Wolfaardt die twee oliehanglampe wat later weer deur twee nuwes, deur my pa geskenk, vervang is. Die kerk het twee ou lang kerkbanke gegee, wat later uitgehaal is en tans dien as vragmotorbanke om Kleurlinge kerk toe te vervoer. Die groot buiteklok is deur ryk Krisjan van Schalkwyk, 'n besoeker, geskenk. Ongelukkig het 'n gewetenlose iemand, kort na die skool finaal gesluit is, die klok vasgelê. Ons hoop nog altyd dat sy gewete hom so sal pla dat hy dit moet teruggee.

'n Paar van die leerlinge wat uit die twakhuis die nuwe skool betrek het, was: Stoffel (handlanger by die bou van die skool), sy suster Hannie, Klein Jakob, Hester, Miem en Soes, almal De Kock's, Lewies Jordaan en sy suster Hester (Polkas). Hier is nog 'n foto van 1901 se skoolspan.

Na meester Kriel "Pietersfontein Poor School" (so in die Departement se boeke genoem) agtermekaar gekry het, het hy sy bedanking ingedien en dr. Muir, destydse S.G.O. gevra om

Maria de la Hunt, (Dellont in volksmond), dogter van die Afdelingsraad van Robertson se padvoorman, aan te stel.

Met die nuwe skoolbanke in gebruik, het 'n besondere lang hoë skoolbank sonder pakplek vir boeke, op ons huissolder beland, vanwaar ek dit in 1976 vir die Montagu Museum gegee het om te dien as uitstalplek.

Begin 1906 is die eerste twee skoolkomiteelede deur die skoolraad benoem, t.w. H.F.N. de Kock (oom Manie) en J.F.D Kriel (Koot), met volmag om 'n derde lid te benoem. Op die eerste vergadering, gehou op 24 Oktober 1906, het oom Manie egter bedank en is Johan A en Josias A. de Kock gekies. My vader, J.F.D. Kriel, was sekretaris van 1906 tot 1920 toe hy skoolraadslid geword het.

Destyds moes die ouers skoolgeld betaal, sowel as vir die boeke. Hoeveel die eerste skoolgeld onder die boerebestuur was, weet ons nie, maar Desember 1906 het die Skoolraadsekretaris 'n rooibont oefeningboek, nog hier, uitgestuur met die volgende kennisgewing voor ingeskrywe:

**School Board Office**
**MONTAGU**
**20.12.1906**

De Secretaris
Pietersfontein Arm School
MONTAGU

| | | |
|---|---|---|
| Alle standards tot aan III | 3/- | (30 sent) per kwartaal |
| Standard IV | 5/- | (50 sent) per kwartaal |
| Standards V en boven | 6/6 | (65 sent) per kwartaal |

Dis behalwe die boekgeld.

De gelden moeten gekollecteerd worden minstens 14 dagen voor't einde van't kwartaal en overhandigd worden aan de Secretaris van den School Raad, tezamen met een lÿst van de namen der kinderen wier schoolgelden niet betaald zyn, de bedrag door hun verschuldigd en voor welk standaards, en de namen van de ouders.

**Get. N J (Nic) ACKERMAN**

Die boek het toe ook sommer die notuleboek en bywoningsregister van die komitee geword.

Bogenoemde skaal het maar 'n klein rukkie in werking gebly, want net die volgende jaar het hier weer 'n nuwe skaal gekom wat voor in die notuleboek geplak is.

Scaal van schoolgelden in gebruik te komen vanaf 1 October 1907 in Arm Scholen in het distrik van Montagu:

| | |
|---|---|
| Alle standards tot aan II | 5/- per kwartaal |

| | |
|---|---|
| Standard III | 7/6 per kwartaal |
| Standard IV en boven | 9/- per kwartaal |

Op die komiteevergadering gehou in Oktober 1907 is Josias de Kock (oom Tas) aangestel om die ouers te besoek en te oorreed om al hul kinders van skoolgaande ouderdom te stuur, sodat die getal op 24 of meer kon kom.

Die Departement was maar onbarmhartig, want in September 1908 het ons sekretaris kennis gekry dat die komiteelede die Skoolraad skriftelike waarborg moet gee vir enige tekort wat daar mag ontstaan in verband met die "Arm School". Vanaf die einde van 1909 kon arm ouers darem om vermindering van skoolgelde of gratis onderwys aansoek doen en die eerste van sulke aansoeke is in 1910 deur die komitee oorweeg. Hierdie skoolgeld moes deur die sekretaris by die skoolraadskantoor inbetaal word, hy kry dan 'n kwitansie en die geld word teruggegee wat aan die meester se losiesbaas moet betaal word, want hy kan darem nie uit £12 per kwartaal nog losies ook betaal nie.

Hier volg die name van die skoliere op die eerste bladsy van die voormelde notuleboek:

| | | |
|---|---|---|
| Martha M Kriel en Cecilia H Kriel en voor | Standards 3 en 1 | 6/- |
| Cornelia de Kock (Collie) | Standard 3 | 3/- |
| Gabriel J de Kock (Groot Gawie) | Standard 1 | 3/- |
| Johannes L Kriel (Cedraskloof) | Standard 1 | 3/- |
| Jacob F de Kock (Klein Jacob) | Sub B | 3/- |
| Jacobus D de Kock (Groot Koos) | Sub B | 3/- |
| Servaas H de Kock (Vaas) | Standard 2 | 3/- |
| Josias A de Kock (Tas) | Standard 1 | 30c |
| Johanna S de Kock (Hannie Pattie) | Sub A | 30c |
| Machiel J de Kock (JAT/Sn) | Sub A | 30c |
| Rachel J de Kock (Pattie) | Standard 2 | 30c |
| Hester M Jordaan (Polka) | Standard 4 | 5/- |
| Hannah M Jordaan | Standard 3 | 30c |
| Catharina E Jordaan | Standard 1 | 3/- |
| Jacoba F Jordaan | Standard 2 | 3/- |
| Maria B Jordaan (Baby Polka) | Standard 3 | 3/- |
| Margaretha J Jordaan (Polka) | Standard 3 | 3/- |
| Rachel J de Kock | Standard 2 | 3/- |
| Susanna C de Kock | Standard 3 | 3/- |
| | | £3-2-0 |

'n Hele paar leerlinge wat die nuwe skool betrek het se name ontbreek op hierdie lys. Moontlik was daar toe nog nie ’n register begin nie.

Daar was nie een Standard V of IV leerling nie omdat skoolgaan nog nie verpligtend was nie. Een leerling het gesê toe hy na Std. II by die skooldeur uitstap: "Nou is ek volleerd" en het ook nie weer gekom nie.

Hier volg 'n verdere kort oorsig uit komiteenotules. In 1909 word die Sekretaris en J.A. de Kock afgevaardig om 'n Skoolraadsvergadering by te woon.

Op die vergadering van 18-7-1911 vra Sekretaris toestemming vir die eerste afwit van die skool vir 3/-, kalk 2/3 en 2/6 vir koop en insit van ruit, maar die komitee keur nog 1/- meer goed vir die afwit. Op vergadering van 18/1/1912 vra "miss" Stemmet haar ontslag weens swak gesondheid, maar beveel haar suster H.C. Stemmet met dieselfde kwalifikasies aan in haar plek. Op 14 Januarie 1913 rapporteer die Sekretaris dat die skool se deur stukkend is en dat die hek van die skoolkamp meer kos as waarvoor begroot. (Die Stemmet juffrouens se pa het die skoolkamp omhein en is eers in 1956 weer gerepareer met 'n klompie nuwe staanders. Die oubaas was, terloops, ook die bouer van die fort op die tonnel in die 1900 oorlog).

Op die vergadering van 18-10-1916 word die nuwe skoolkomitee deur die skoolraad uitgebrei tot vyf lede t.w. Johan A. de Kock, Josias A. en J.F.D. de Kock, J.F.D. Kriel en sy broer A.F. Kriel. Daar word ook besluit om die onderwyseres om die beurt elke veertien dae kerk toe te bring. Daar was seker klagte dat die een wat die juffrou, ek bedoel "miss", loseer, alleen verantwoordelik was vir vervoer. Ook word besluit dat daar nog 'n derde stoeptrappie voor die deur aangebring word, omdat ou mense dit moeilik vind om op die té hoë twee trappies te klim.

Hierdie komitee was die laaste aangestelde komitee, want op 5-1-1920 word 'n komitee wat reeds in 1919 deur ouers gekies is gekonstitueer. Op dieselfde vergadering word deur die Sekretaris bekend gemaak dat hy £1 van die Helpmekaar ontvang het vir gratis boeke aan arm kinders. Die laaste genotuleerde vergadering in die bont boek was op 5-4-1920 toe mej. C.H. Kriel, ons eie plaasdogter, se "applikatie" aanvaar is. Terloops, sy was die eerste onderwyseres wat die môre met die intrap aan die kinders gesê het: "Kyk kinders, vir my sê julle ’juffrou' en nie 'miss' nie." O nee, net na haar het 'n Jodin, "Miss" Lipschitz, gekom, maar van haar later meer. Ek was toe al self in die skool.

Die laaste skoolgeldinvorderingslys in die ou notuleboek was die laaste kwartaal van 1911, hoewel ons meen dis eers in 1918 afgeskaf, maar vry boeke het maar 1967 gekom. Omstreeks 1910, tydens 'n inspeksie, vra die inspekteur gedurende Engelse mondeling aan 'n seun, A.P. Kriel,: "What is the name of your school?" en hy antwoord ewe kordaat: "Pietersfontein Poor School and that of Montagu is Montagu Primary School". Die inspekteur was 'n bietjie verbaas en vra die juffrou of dit so is dat ons nog altyd "Arm Skool" is en toe sy bevestigend antwoord, het hy beloof om die status reg te stel, wat toe ook kort na sy besoek gebeur het.

Die inspekteur het altyd gedurende Junie of Julie op die plase inspeksie gedoen. Dan kon die outjies wat Januarie in die skool gekom het na Sub B oorgaan en die volgende jaar reeds

standerd 1 aandurf. Die standerd sesse wat hoërskool-toe gaan moet dan nog ses maande saam met die dorp se standerd sesse gaan sit.

Ai, die kinders het ekstra van koue en angs gebewe as die inspekteur met sy tas die bult uitkom. As jy somme slaag, is jy deur. Tale was nie streng nie.

In die vroeë jare voor en nog ná 1930 is die roede werklik nie gespaar nie, nie by die huis nie, maar ook nie by die skool nie. As ’n kind verbrou het of nie wil leer nie, het die kweperlat die nodige aanmoediging gegee en as die kind by die huis gaan kla en ma dink die paar skoolstrepe was geregverdig, kan dit wees dat die klaer nog 'n pak kry. 'n Baie algemene straf was vroeër om die kinders wat verbrou het, na skool te hou en hulle honderd of meer reëls te laat uitskryf, byvoorbeeld: "Ek mag nie in die klas praat nie" of "Ek moet my huiswerk gereeld doen". Dan was hier 'n paar juffrouens wat maklik die deur gesluit het en eers by haar tuiste gaan koffie drink. Die uitskrywery het baie ouens die kuns laat aanleer om met twee griffies opmekaar twee reëls gelyk te skryf. Dit het ook gebeur dat die juffrou die kinders vergeet en hulle dan ’n helse lawaai in die skool moet opskop sodat iemand kan hoor.

Daar was ook dae wat net Engels moes gepraat word – "donkiedag". Die een wat gevang word dat hy 'n glips maak, kry 'n bord om sy nek waarop 'n donkie geteken is en onder geskryf staan: "I am a donkey". Hy moet die bord dra tot tyd en wyl hy 'n ander een vang wat nie die rooitaal gooi nie. Die plan het glo goed gewerk, want die "donkie" het sy ore gespits gehou.

Kattekwaad was daar baie, maar ek wil eers net dié een vertel. Die kinders het tussen een en twee (daar was mos twee sessies skool) onder ou tant Pattie se groot wilgerboom op die damwal gesit en Giel Valie swaai aan die wilgertakke oor die dam en op 'n keer vang hy Hannah Kriel met sy twee voete en ruk haar van die wal af binne-in die vol dam water. Druipnat moes sy toe na tant Pattie se huis hardloop en haar gaan uittrek en onder die kombers bly lê solank hulle haar klere droogmaak, want sy was baie vêr van haar eie huis af. Giel se sitvlak het dit weer <u>ordentlik ontgeld</u>.

## HOOFSTUK 13

### Die onderwysers, naastenby in volgorde, met een en ander herinneringe aan sommige

Daar is reeds van onderwysers Kieboom en mnr. Kyvers melding gemaak, maar ek wil net meld dat Meester Kyvers deur nog 'n Hollander, Albert Heiberg, opgevolg is, maar nie iets noemenswaardig agtergelaat het nie. O ja, dit wel van meester Kyvers net om te toon wat 'n belangrike rol sang in die opvoeding gespeel het. Toe oom Gawie le Roux (Jongie) hom vra wat hy nou eintlik die kinders leer, was die antwoord: "O, ik leert hen singen 'De kleine kinderen zyn reeds daar’, want die vakabonde weet ook van geen beter nie". J.A. de Kock (AF/Sn), ons eie plaasseun-onderwyser, wat ook stigter was van die eerste C.J.V, was 'n diep christelike man wat pragtig kon sing. In die Boereoorlog het die kakies hom in hegtenis kom neem omdat hy dan in ’n brief aan 'n vriend in die Koo sou gevra het wat die jongste nuus van die oorlog is. Toe hulle hom van sy ouers weglei, raak hy hierdie woorde kwyt: "Vanmôre kan ek saam met Paulus sê, ek is nie net bereid om geboei te word nie, maar ook om te sterf". Na 'n ruk in die tronk is hy vrygelaat en kon hy voortgaan met sy skool.

Na voorgenoemde De Kock was hier 'n Dirk Wolfaardt wat die kinders gruwelik geslaan het. Hy het oompie Dawid se rug en sitvlak so stukkend geslaan dat hy nie sy hemp kon uittrek nie, so vas het dit aan die droë bloed gesit. Na hom het J.A. de Kock, A.P. Kriel, M. de la Hunt, Anna Frylinck, Lizzie Burger, Nellie Conradie, wat ook baie mooi kon sing, Tolla Geyer, Johan Bald, 'n sterk swemmer, Lenie en Cillie Stemmet, twee susters van wie reeds vroeër melding gemaak is, gekom.

Nou kom ons by Maria Retief by wie my broer in die skool gekom het. Sy was lewenslustig, deeglik, maar kwaai. Omdat die seuns so dikwels moes deurloop, grawe hulle toe eendag in die voetpaadjie waarlangs sy skool-toe kom, ‘n gat en bedek dit met dun stokkies dat sy haar been moes breek, en hulle gaan hou die paadjie bo van die hoek van die skool af dop. Die geluk was vir hulle egter aan die verkeerde kant. Juffrou het die bedekte gat raakgesien en toe sy skool-toe kyk, merk sy hoe die kinders haar dophou. Sy het dadelik twee en twee bymekaar gesit so in die stap en toe die span in die skool is, het die gereg dadelik sy loop geneem en kon stry en lieg die belhamels nie los kry nie en wat daarop volg. Sy het lank voor my geboorte by ma loseer en dan vat sy op 'n Vrydagmiddag na skool ma se kleinkind op die rug en ma vat die bondel klere en hulle stap Krakadouw langs, die agtien kilometer opdraende Koo-toe na ouma Kankoo. Maandagmôre dou-voor-dag vat sy weer die bondel klere en ma die kind en val weer in die pad terug, sodat sy betyds vir skool kan wees.





Pietersfontein Montagu 17/9/09

*1e ry (Agter) : Sias de Kock, Ellie de Kock, Collie de Kock, Sannie de Kock, Gawie de Kock*
*2e ry (middel): Rachel de Kock, Rachel de Kock, Juf. Retief, Malie Kriel, Rachel de Kock*
*3de ry (Regs): Hans Kriel, Hannie de Kock, Kowie de Kock*
*4de ry (Voor): Miemie de Kock, Cielie Kriel (Outannie), Sannie Kriel, Alewyn Kriel (J.F.D. se een seun), Japie de Kock, Ragie Jordaan*

**Alewyn vertel** (2022) As jy dalk gewonder het hoe ek dan onderwyser geword het en nie ook geboer het soos my broers nie: Toe ek uit die weermag kom wou ek ook boer want dit was al wat ek ken, maar my pa het net gesê daar is vir my nie ook plek op die plaas nie en toe ek weer my oë uitvee word ek by die onderwyserskollege Paarl afgelaai.besluit. Ek het geen keuse gehad nie. Later sou ek uitvind al die Alewyn Petrusse in my voorgeslagte was onderwysers.

Hester en Stienie Cloete, twee susters, was albei saggeaard, maar goeie leerkragte. "Miss" Van Eeden was kwaaier as 'n geelslang en het sommer nodig en onnodig geslaan terwyl sy rooi soos 'n kool vuur word. Chrissie Swart was 'n dierbare mens. Sy het die kinders pragtige aandenkingskaartjies gegee en het met die 1918 griep onder ons groot lemoenbome skoolgehou sodat die kans vir aansteek minder kon wees in die buitelug, maar min het sy geweet toe sy vir Desember-vakansie huis-toe gaan, dat sy nie weer sal terugkom nie. Die siekte het haar lewensdraad ook geknip tot groot droefheid van haar skoliere. Die skoolkomitee het toe 'n "miss" Martha van As (bynaam Karas) van Montagu as plaasvervanger gekry, maar sy wou nie langer as ses maande bly nie, want die komitee wou nie haar wens vervul om elke week met haar dorp-toe te ry nie. Ekself het by haar in die skool gekom. Sy word toe opgevolg deur juffrou Kriel van wie reeds melding gemaak is. Sy het op 'n keer 'n luis van 'n kind se kop afgehaal en in sy hand gesit.


20. Chrissie Swart - Oorlede 1918 Griep - Het onder lemoenbome skool gehou. Gee kinders mooi aandenking kaarte Chris
21. Martha van As: Bynaam „Karas". Baie graag dorp toe het nog sy gegaan. Giel het baie pak gekry. Sy was vir 6 maande hier.
22. C. H. Kriel (eerste) dogter van Pietersfontein) en ook eerste Juf. die ander was Miss
23. Juffrou Lipschitz. - 'n Jodin - Eerste gemakshuisie - kon perdry en Sondae as huismense kerk toe gaan kook sy konfyt. Moes in 'n groot sinkbad haarself bad. Die bad moes vol water gedra word. Pa het spesiaal 'n groot bad moes koop.
24. Juffrou Spies - Het kinders baie oor die Hoogte gestuur om Kamkoos te grawe. Sy het 'n goeie geaardheid gehad
25. Juf. Kennedy was nie lank op die plaas nie.
26. Juf. Combrinck - Was 'n fyn juffroutjie en het gou verlief geraak op 'n kêrel van die plaas. Kotie de Kock

*J.F.D. het rekords gehou van die onderwysers*

Die volgende leerkrag was 'n interessante skepsel. Daar het net een aansoek ingekom van "Miss" Lipschitz, 'n Jodin. Oompie Sander moes haar op die dorp gaan haal en die boere het hom lank gespot oor die vrag bagasie wat hy moes laai, sodat sy kar nes ou "Mister" Sachat se smouskar gelyk het. Sy het my ouers heelwat hoofbrekens gegee, maar alles het tog meegewerk ten goede. Die gesin van daardie tyd het naweke hulle maar in dieselfde voetebalie of badjie gewas as deur die week, maar pa was genoodsaak om vir haar 'n ou groot sinkbad te koop, (wat nou nog vir wasgoed diens doen) waarin sy haar kon bad. Hannah, ons getroue bediende, moes haar gereeld help met die omslagtige badoperasie. Hannah het te kostelik vertel hoe Lipschitz vir haar vra: "Give me the towel" en toe sy die jodin aangaap oor die onbekende opdrag, volg dit woedend: "The towel, the towel, bleddy monkey. Don't you know a towel?" Toe Hannah nog nie reageer nie, moes sy maar self opstaan en haar "towel" gaan haal. Hannah se engelse woordeskat het gegroei.

Nog ’n nuwigheid is die heel eerste gemakshuisie wat deur haar toedoen die plaas ingekom het. Die skool self het na haar dienstyd eers 'n parlementshuis gekry. Sy was tradisievas en het Saterdae haar eie kos gekook en Sondae, as die huismense by die kerk is, kook sy marmalade konfyt. Wat vir my, as skolier, die interessantste van haar op skool was, was dat as sy kwaad word, gryp sy enige slaanding en tokkel sulke kortaf houtjies op jou hande of rug terwyl sy sê: "I kill you in a minute, I kill you in a minute". Dan kan 'n mens maar sien hoe swel die toeskouers se kiewe van die lag. Haar opvolger, Juffrou Spies, was baie lief vir kamkoo konfyt en het die skoolspan dikwels op 'n Saterdag in die winter veld-toe geneem om Kamkoo's te soek vir konfyt.

Juffrou Kennedy was regtig 'n mooi fietse juffrou, maar het kort gebly en is opgevolg deur juffrou Combrinck, wie gou verlief geraak het op oom Kotie de Kock, die winkelier op Kriekheuwel, maar sy het die pot misgesit en met 'n Junie vakansie sommer sonder kennisgewing verdwyn.



*Nou weet jy wat is 'n parlementshuis*

Nou volg Hannah Kriel, ook 'n plaasdogter, 1925 – 1928 en moes as groentjie intrap met 23 leerlinge in al die klasse, maar sy het gou die span se leisels bymekaar gehad. (Sy was die enigste plaaskind in die nuwe hoërskool toe dit in 1921 teen Kanonkop ingewy is, terwyl daar ag plaaskinders was toe die huidige hoërskool geopen is). Onder haar leiding het ons saam met die C J V twee konserte gehou om fondse in te samel vir die platvorm in die skool wat toe deur haar vader ingesit is teen 'n koste van ongeveer R30. Ons het heelwat uitstappies waterval toe gehad en by Haasfontein Kurpers gevang en dit in 'n uiesmoor gaar gemaak. Die aangenaamste uitstappie was darem toe ons een Saterdag, al singende, met die perdewa dorp toe is. Die kinders moes self die inspangoed en die voer kollekteer by die ouers. Alex Kriel en ou Groot Koos was die koetsiers. Na ons 'n bietjie in die dorp rond inspeksie gedoen het, is ons na mnr Kosie Wolfaardt se ateljee in Montagustraat, tans Piet Retiefstraat, vir 'n skoolfoto. Daar was toe nog dertien De Kock's en tien met vyf ander vanne. By twee-uur se kant is weer ingespan en het ons in die Bad 'n draai gaan maak. Vir baie was dit 'n belewenis vir die eerste keer. Toe ons weer in die grootpad kom het Hester Pattie, die grootste dogter, agter die leisels ingeklim en tot hier die rieme getrek. Dit was nou vir jou 'n genoeglike dag, maar vir my sussie het die dag 'n sleg nadraai gehad, want die volgende week begin haar kop jeuk en by nadere ondersoek deur my ma kry sy heelwat "rondomvoetjies" op haar kop waarvan sy die ouers by die Bad moes opgetel het. Die fynkam het gou deeglike werk gedoen.

Met die eerste hysing van ons landsvlag was al die plaasskole se kinders ook dorp toe genooi vir die verrigtinge en het ons plaasjapies die Vlaglied uit volle bors gesing!!!

Die mees algemene speletjies waarmee die kinders hulle tyd by die skool verwyl het, was hasie en skaapooi en vir almal maliebank, bok-bok en knoop (vir die seuns), terwyl die dogters Duitse en Skotse baan en klip-klip gespeel het.

By die meeste van die speletjies moes uittellery voorafgaan om die opvolgbeurte te bepaal. Die mees algemene was: "Iena Diena Dyna Das, Skotlewiena Wyna Was, Iets Piets Muskadel, Ella Tella Twenty one".

Ek weet nie of dit was om kompetisie aan te moedig nie, maar 'n paar van my sewe juffrouens het, na die eksamenuitslae uitgewerk is, al die leerlinge opgeroep volgens persentasie en staan almal in een lang ry. Dit was heel interessant om te sien wie vir wie uitgestof het. Sy het vir ons Desember 1927 almal Bybels gegee.

Kriel se opvolger in 1929 was juffrou Fox van Riversdal en hoewel sy 'n hees bors soos 'n makou gehad het, was sy 'n goeie onderwyseres. Na twee jaar is sy opgevolg deur A P Kriel (J/Sn), 'n hoërskool onderwyser, maar wat ná senuweeprobleme 'n paar jaar ons skool behartig het. Hierna het juffrou Fourie en mev Homewood, 'n weduwee, mekaar vinnig opgevolg.

In Junie 1947 kom Juffrou R H du Toit van Bredasdorp die herderstaf van die jeug opneem en die ouers kon gou merk dat sy die kinders se vertroue wen en tuis is in ons samelewing. Dis sy wat ons ou dorre skoolbult so met vetplante en vygies besprinkel het. Die getalle het stadig gestyg, sodat die Departement in 'n brief van 2 Februarie 1948 toestemming verleen

dat die komitee 'n tweede leerkrag kan aanstel al is dit ook 'n vrou. Die komitee kon egter nie daarin slaag om een te kry voor Januarie 1949 nie, en wel in die persoon van mev. I. du Plessis van Ashton, wat toe met haar spannetjie van sewentien tot Std. II in die stoepkamer van broer Gawie ingetrek het en juffrou Du Toit in die skool agtergebly het, met vyftien tot Std. VI. In Junie, saam met die versiening van die skool, is die afskorting en die agterste deur aangebring en was die opvoeding onder een dak. Met die volgende herstelwerk aan die skool en deur bemoeiing van ons skoolraadslid, oom Gielie Jordaan en komitee is die veranda en pakkamer aangebring, sodat die kinders kan skuiling hê in die reëndae.

Die volgende assistente het saam met Juffrou Du Toit onderwys gegee, naamlik: Juff. Dippenaar, A. Jordaan, M. Mostert (Kriel), R. de Kock, Green, mev. Scholtz, Groenewald, Anna Bam en Sofie de Villiers wie met 'n maselepidemie eendag net vir Christie Kriel in haar klasse gehad het.

Die getalle het egter weer gestadig gedaal dat De Villiers moes bedank en Du Toit weer alleen moes voortgaan. Die groot knou in getalle het gekom toe Std. VI by die hoërskool ingeskakel is.

Op 3 Augustus 1964 het sewe ouers vergader om die moontlikheid van 'n busdiens te bespreek as die skool nie in 1965 as plaasskool kan voortgaan nie. Juffrou Du Toit het reeds aftree ouderdom bereik en dien haar bedanking, gedateer 25/3/1965 in, maar verklaar haar bereid om voort te gaan met die plaasskool met sewe leerlinge tot aan die end van die jaar, dus het die komitee nie geskrik toe die Skoolraad op 4 Mei 1965 kennis gee dat die skool afgegradeer word na ‘n plaasskool nie. Hierdie kennisgewing word op die geskiedkundige laaste vergadering van die skoolkomitee, gehou 2 Junie 1965, behandel. Teenwoordig van J.F.D. Kriel (Voorsitter), J.F. Kriel (Doornkloof), D.G. de Koch Jnr. en J.S. Roux. A.F. Kriel, die sekretaris, was ongelukkig afwesig weens 'n misverstand. Die komitee, almal oudleerlinge van die skool, spreek hulle dank uit teenoor Juffrou Du Toit dat sy sal aanbly tot die end van die jaar. Ook word besluit om aan die end van die jaar op meer gepaste wyse van haar en ons ou Alma Mater afskeid te neem as opvoedingsentrum. In Junie is Juffrou toe getroud met A F Kriel, 'n wewenaar wie se kinders almal by haar op skool was. Op 10 Desember 1965 het ons 'n groot saamtrek van oudskoliere en besoekers by 'n vleisbraai en gesellligheid gehad. Solank die braaigeur die lug gevul het, het eers die laaste sewe leerlinge, naamlik: Erna, Pieter en Johan Kriel van Jannie, Sannie en Alda Roux en Sonja Kriel en juffrou Du Toit hulle name in die ou notuleboek van 1906 geteken, gevolg deur naamtekeninge van een-en-sewentig oudleerlinge en ses-en-dertig besoekers. Jan Vermeulen, Doornkloof, was die skolier No. 200 in die register lank voor die skool gesluit het. Die totaal was 267 tot by sluiting. Die laaste inskrywing was B.H. Kriel van Kosie Doornkloof.

Die program was soos volg:

1. Opening met Gesang 31 en Gebed.
2. 'n Onbestrede mosie ter nagedagtenis van die pioniers in die skool is staande aangeneem.
3. Verwelkoming deur D.G. de Kock, komiteelid.
4. Sangstuk deur Jordaan susters (Polka's).

5. Voordrag uit Totius deur Esta Kriel.
6. J.F.D. Kriel lewer 'n geskiedkundige oorsig van onderwys op Pietersfontein tot waar Juffrou du Toit begin het.

7. Sy gee 'n kort oorsig van haar 17½ jaar dienstyd.

8. J.Kriel bied Juffrou 'n adres aan asook 'n tjekkie van waardering.

9. J.F. Kriel doen bedankings na Abraham Conradie 'n lang gedig voorgedra het.
10. Ons sluit af met die sing van "Sal ons ou Kennisse ooit vergeet van die goeie oue tyd".

Ongeveer ’n jaar na die skoolsluiting het die skoolraad tenders gevra om die skool te verkoop en ons kerkwyk trek dadelik 'n kollektelys op en bring R300 byeen vir die aankoop, transport en herstelwerk, wat toe maar R236 gekos het. Weer het ons skoolraadslid baie gehelp. Omdat die transport nie op 'n gemeenskap kon oorgaan nie, het ons die Kerkraad gevra om vader te staan, en die transport is op die Kerk oorgedra, want die gebou sal voortaan tog hoofsaaklik vir kerklike aangeleenthede gebruik word, maar ook as gemeenskapsentrum. So word Christa Stemmet se huweliksonthaal daar gehou.

Ek dink die Keisie-skool, wat omtrent net so oud is soos ons s'n en tans nog in werking is, saam met Koo en Kruispad, het moontiik meer leerlinge in die onderwys ingestuur, naamlik 36, soos ek dit optel waarvan 5 daar onderwys gegee het, maar ons troef hulle in dié opsig dat ag van die twaalf van ons skool vir korter of langer tye hier onderwys gegee het. Hulle was in volgorde: Josias (A/Sn), Josias (M/Sn), albei De Kock's, A.P. Kriel, Hannie de Kock, Cecile Kriel, Hannah Kriel, A.P. Kriel (J/Sn) en M.B. Kriel, Sarie, Ria, Esta en haar broer A.P. Kriel. Die laaste vier het nie hier onderrig gegee nie. Aan die begin sewentigs was hier nie een kind in die plaas nie, nie eens 'n baba nie. Vandag is hier darem al weer ses. Terloops, die Keisie-skool hou op 16 Desember 1978 'n baie groot re-unie.
Gedig voorgedra in Jongeliede Vereniging deur A.S. Conradie

OEMKOELEE

Oemkolani dapper krygsman,
Koning van Kamasiland.
Groot kaptein van al sy mense,
Groot in rykdom en verstand.

Trots was Koning Oemkolani,
Op al sy leërs en sy vee.
Trots was hy op al sy vroue,
Trotser nog op Oemkoelee.

Oemkoelee sy jongste dogter,
Pas haar vyfde jaar verby,
was bestemd dink Oemkolani
vir 'n Konings seun soos hy.

Maar helaas groot Oemkolani;
Ook jou grootheid is verby.
Langa: Koning van die Bangoes,
sal die oorhand oor jou kry.

Woeste oorlog, bloedig slagting,
Man en vrou word wreed vermoor.
Oemkolani word gemartel,
Oemkolee alleen bly oor.

Oemkoelee, sy jongste dogter,
Word alleen die dood gespaar.
Soos 'n sieraad tussen vreemdes
Wat beskerm word teen gevaar.

Self het hy haar weggevoer,
Self sou Langa haar behou.
Self het hy haar lank gekies al
Vir sy seun tot Koningsvrou .

Groter, mooier, slank en statig,
Word sy soos die jare gaan.
Keur van alle Konings dogters
Wie is jy en waarvandaan?

Maar selfs Koning Langa wis nie.
Dat met Oemkolani's dood
Dertien jare vantevore
Weggekruip was in 'n sloot.

'n Kamasies Krygsman seuntjie,
Wonderbaarlik is gespaar.
Opgetel was deur Bakwënas
En ontkom het aan gevaar.

Tjatlangaan, 'n stoere krygsman,
Jonk en sonder vrees was hy
Het gehoor van Oemkoelee,
Het besluit om haar te kry.

Hy alleen kamasi dogter;
Hy alleen kamasie seun;
Sal sy vaders hom nie bystaan,
Sal hul geeste hom nie steun?

Sag en stil in swarte duister,
sluip hy na die Bangoe kraal.
Uit die hut van Konings vroue,
sal hy vir Oemkoelee gaan haal.

Ruisloos sag in doodste stilte,
sluip hy by die deurtjie in.
Nou versigtig op sy hoede,
nou het die gevaar begin.

Oemkoelee! Hy fluister saggies.
Oemkolee! Hy fluister weer.
Oemkolee! Hy hoor iets ritsel.

Oemkoelee! Die laaste keer.

Wie is dit wat my geroep het?
Sjuut! Wees stil klein Oemkoelee.
Fluister saggies, anders sal ek
Hiervoor nog my lewe gee.

Oemkolee, kamasie dogter,
Oemkolee, dis Tjatlangaan.
Om jou vaders wil en myne,
Wil jy dan nie met my gaan?

Rooi soos bloed en onheilspellend
skyn die son op Komla neer.
In die Bangoe kraal daaronder,
Angs gewarrel heen en weer.

Bangoehelde goed gewapen,
Kringel wyd en wyer rond.
Soek noukeurig brommend dreigend,
Soek na spore op die grond.

Skielik breek ’n kreet in stilte.
Iemand het die spoor gekry.
Same stroom die Bangoe vegters
En vorm linies ry aan ry.

Stampend, snel en vasberade;
volg die Impi nou die spoor.
Krete dreigend, asem hygend,
Woedend dreun die Bangoe koor.

Middagson en rotsig bodem,
was te veel vir Oemkoelee.
In 'n kloof, ruig, boomoorskadu
Langs 'n stroompie rus die twee.

Luister! Luister! Tjatlangaan,
Ek hoor die Bangoe Oorlogskreet.
Red joul Red jou! Ek is veilig,
Vlug! Ek sal jou nooit vergeet.

Ek sal nie vlug nie, Oemkoelee,
Ek sal vir jou my lewe gee.
Ek sal staan en veg en sterwe!
Dus – Vaarwel my Oemkoelee.

Kort en vurig was die aanval,
Drie was dood – nog net een meer.
Wreed deurboor 'n spies sy liggaam,
wankelend, sidderend, stort hy neer.

Skrik maar Bangoe helde sidder,
Dit kan jul tog nie verhoed.
Dat in Kamasies dogter's are,

Tintel nog Kamasiebloed.

Snel ontruk sy uit sy liggaam,
Bloedbevlek die wapen weer.
En met !n honend glimlag steek sy
En toe stort sy naas hom neer.

Rooi getintel waterstroompie,
mengsel van Kamasie bloed.
Monument van helde nasie,
Swanesang van liefde gloed.

## HOOFSTUK 14

### Verenigingslewe en jolyt

Voorheen is reeds genoem dat meester Sias de Kock die stigter was van ons eerste Christelike Jongeliede Vereniging. Dit moes omstreeks 1895 gewees het, want my pa, wat die stigting verwelkom het, was toe reeds geruime tyd lid van die Koo (22 km. ver) se vereniging en hy het op daardie verenigingstogte my ma raakgeloop in Kankoo wat ’n goeie blaasplek vir sy perd was. Na die ou liefdessakie in Julie 1895 afgerond is, het hy toe daar bedank. Die vereniging het nie lank aktief gebly nie en het blykbaar geval na die heengaan van die stigter. Dit het seker nie lank geduur nie, want met die bediening van Proponent Van Rooyen, later professor aan die kweekskool van Stellenbosch, het hy hier ’n tweede C.J.V. gestig met agt-en-twintig lede, onder voorsitterskap van Andries Kriel, wat bale jare bly staan het. Die eerste vergadering, in die skool gehou, in die oudste notuleboek beskikbaar, "werd gehouden 3.3.1917 met die volgende agenda: De Voorsitter, Vice Sekretarisse en 15 leden waren tegenwoordig:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Recitatie | Mnr. Piet Kriel (Afwezig) |
| 2 | Lezing | Mej. Rachel de Kock (Jos.De Kock) :"De Ware Gentleman” |
| 3 | Samespraak | Mnr. Giep de Kock en Mej B de Kock: "Wie is die slimste". |
| 4 | Lezing | Mej. C de Kock: "Wat leraars al horen en ondervinden moet". |
| 5 | Recitatie | Mnr. Gert Jordaan |
| 6 | Debat | "Waren de goeden oude tyden beter dan de tegenwoordige?" |

Giep de Kock open en zegt: "De goede ouds tyden waren beter". Gawie de Kock is tegenspreker en segt de tegenwoordige tyden.

Toen het tot stemming gebracht werd kreeg openaar 10 stemmen tegen 3 stemmen vir opponent.

Toen sloot de vergadering op gewone wijze met gesang en gebed.

Voorzitter: J. A. Kriel".

Hier is ook 'n notule van 'n geestelike vergadering van Maart 1918:

"Program voordeze avond is als volgt:

| | |
|---|---|
| 1. Bybel vragen | Waar lees men in den Bybel van een cirkel en waar de eerste keer van Hel en Wie was die man wat die langste op zyn zy ligt? (Wie weet?)<br>Hierdie vasvra het die voornemende katkisante natuurlik baie gehelp. Ons het 'n stel bybelkaarte, ses grotes elk met bybelvrae en die twee-en-sewentig antwoorde met bewysstukke op klein kaartjies. Die een wie se groot en klein kaartjie eerste klaar is, het gewen. Dit was 'n aangename<br>Sondagspeletjie. |
| 2. Recitatie | John Jordaan |
| 3. Improwisasie | "Lafhartigheid" door Gawie de Kock |
| 4. Lezing | Johannes le Roux |
| 5. Levenschets | Onze Voorzitter: Mnr. Andries Kriel |
| 6. Recitatie | Mej. Sannie Kriel |
| 7. Onderwerp | "Saul als Koning" - Sprekers: Mnr. Giep & Mej. R. de Kock |
| 8. Recitatie | Mnr. Jacobus de Kock (nog in lewe) |

Elke derde maand is joernaal by die maatskaplike program gevoeg waarin die jong klomp se kaskenades of gebeure onder die vergrootglas geplaas is. By dié vergadering was die bywoning dan ook baie goed. Op die bestuur was twee "kontribuanten" vir die joernaal. Gelukkig is hier nog 'n joernaalboek. Cecile Kriel het Junie 1920 die eerste Afrikaanse notule geskryf.

Sommige lede moes vier tot vyf kilometer ver van die omliggende plase hierheen gestap of per perdekar gery het vir die vereniging. Na die vergadering stap van hierdie kêrels saam met die ver nooiens terug terwyl van daardie manne weer hier agterbly vir 'n vrytjie en soms sommer hier op 'n kermisbed by vriende inkruip. Nou en dan is ook interdebatte tussen ons, Koo, en Keisie gehou en so met verenigings het hulle ook Sondae oor en weer gekuier. Toe ek nog so 'n tjokkertjie was, was dit te kostelik hoe hierdie klomp die Doornklowers gaan wegbring tot byna bo-op die hoogte en as jy weer sien kom almal weer terug en vat die agterste klomp eers dan die pad alleen terug. Die algemeenste geselsplek Sondae was op die damwal onder oom Manie se neutbome waar in Maart van geurige wit "Travellers Joy"-ranke kransies om die hoede gevleg word. Rustige ou tyd, né!!

Van Oom Manie gepraat. Die oubaas het 'n lang spierwit baard gehad. Sy nartjie- en lemoenboord was langs die neutbome en een Sondagmiddag gaan 'n paar seuns daar nartjies eet en hulle tref dit ook gelukkig dat 'n lang leer teen die boom staan. Toe die span lekker aan

die pluk is, kom die oubaas se stadige stem van agter 'n neutboom: "Wie galpeer hier op en neer op my leer? Dis nie eers my leer nie - dis 'n geleende leer. Dis Koot se leer, maar pluk dit maar af – dis mos julle s'n". Party knape het hoog vandaan gespring om so gou moontlik weg te kom.

## HOOFSTUK 15

### Jolyt

Maar laat ons voor begin met die jolyt buite die verenigingslewe, kuier en werk.

In die vroeër dae van ons samelewing, toe Grootjie de Kock se baie kleinkinders nog jonk was en selfs baie later, was die plaas se jongmense sommer regtig lewenslustig en het hulle nie sit en verknies omdat hulle nie in die Kaap of verder kan gaan vry of Nico Malan-skouburg kan besoek nie. Hulle het hul eie vermaak tuis of naby rond met dapper en stapper of perdekar gesoek.

So het tant Pattie (gebore 1874) vertel dat 'n stuk of tien van hulle met 'n Nuwejaarsgeleentheid te voet by Wolwevoetpad oor die Rooiberg deur 'n volstruiskamp gestap het om in Bosrivier te gaan dans tot hoenderkraai. Toe weer in die donker met die voetpad oor die berg, maar toe die son darem die môre onder by Grootland vir hulle uitkom, was die nooiens so moeg en pootseer dat hulle rus-rus en sleepvoetend die huis gehaal het. Die mans moes maar van Blouhoogte af vooruit loop, want die pa's staan en wag dat hulle moet kom inval.

Die mans moes tog te dikwels na so 'n uitstappie, waarna hul eers met hoenderkraai of later, gekatel het, weer voor sonvat die oubaas se stem by die deur van die ramhok hoor: "Toe, toe, staan op kêrels, want as ons nie nou die trapsel gaan aanlê nie, kry ons nie vanaand die graan in die sakke nie". Dis 'n harde opdrag, want bewaar jou as die somerson vandag sê 'ting', die sonbesies sing en jy staan in die trapvloer met die spanne perde wat al om jou wielie-walie. Daar word gou allerhande behoeftes, behalwe die ware, uitgespreek om 'n ander een aan die traprieme te kry, sodat jy net gou iewers kan gaan 'n uiltjie knip. Of die man moet na so 'n laat aand ’n stookketel of ’n moskonfytpot in die Maart-son beman. Dan sê hy seker saam met tant Alie, van die S.A.U.K-faam: "Daar is ook geen genade vir 'n jongkêrel nie".



*J.F.D. se Hoërskool Montagu matriekafskeidsfoto in November 1932. Hulle was darem netjies uitgevat.*

In die twintigerjare was ons piekniekplek bokant Dassiesdrif, agter die groot kareebome. Daar het nie 'n platespeler geblêr om musiek vir ingewikkelde danse te verskaf nie, maar suiwer sang met kitaar of mondfluitjie of viool-begeleiding vir tiekiedraaie (toe was die benaming "Volkspele" nog nie in swang nie) soos "Daar kom die wa, die vierperdewa", "Tant Miena kook stroop", "Jopie Mei, die wind waai deur my sy" en "As julle nie kan kekkel nie, dan smaak die kos nie lekker nie", of "Skud ek die tak dan val die peer. val die peer", "Kielie ek die nooi dan slaan sy neer", ens. 'n Paar Engelse liedjies soos "Johnny Miller" en "Oh, Rosy, my Darling - Rosy I love you well. Oh, Rosy, my Darling, Rosy I love you well. Rosy is my darling dear, darling dear. Rosy is my darling dear, darling dear, darlinggg dear", of "Musical Arms" het ook nie agter gebly nie. As die span moeg getiekiedraai is, word dadelik na spantspeletjies soos "Oubaas se swartvark" of "Raad in tyd van siekte" oorgegaan, want die soenery kan mos darem nie agterbly nie!! Hier na middag se kant toe, as die innerlike mens klaar versterk is, begin die walse en pattikas, maar nog altyd saam met sang en boeremusiek. Vingertrek, skilpadloop, Jukhaakskop of Sweepstok en Dooimens optel, kry ook 'n kans.
Die kleinspan, onder wie ook ek nog was, hou hulle besig met kringspeletjies soos vroteier of boompie verplant. Die seuns breek nou en dan uit om botterboomperd teen die gladde banke (kransies) af te ry of 'n bietjie "bok-bok staan styf, hoeveel horings op jou lyf" te speel.



LEON-BEN AAN DIE WOORD

# Vetplant? Vet pret!

Soms sorg die eenvoudigste dinge vir die grootste plesier, besef **Leon-Ben Lamprecht** opnuut nadat hy op 'n vetplant teen 'n heuwel afgegly het.

FRED MOUTON



*Die botterboom*





*Botterboom ry*

Dis vandag nog vir my lekker om met die kleintjies "Jakob en Rachel", "Walking on the green grass" of "Sally go round the moon" te speel.

In die twintiger jare was die nuwejaar in die middag onder oom Dries se ou groot akkerboom bokant die dam of onder tant Triena se ou groot treurwilgerboom, maar saans was die jolyt voor tant Pattie se deur by die twee groot wit en pienk selonsrose. Vanaf die vyftiger jare was ons Nuwejaar piekniek in die Poort waar die dam nou is, onder die groot doringbome. Daarheen het baie vriende van buite gekom en het ek selfs, toe ons Evasgeslagte te min geword het, van elders af Evas aangery. Deesdae kom ons paartjies (jong meisies is hier glad nie) wat nog oor is in die Waterkloof bymekaar, maar nie meer so gereeld nie.

Ons mense, wat maar ver van die dorp is, het vroeër maar net pieknieksport gekry – tafeltennis in ons huis het groot byval gevind, maar in die veertigerjare het ons darem hier twee jukskeispanne met nog 'n paar reserwes, op die been gehad en het ons met die tweede seisoen in kompetisie met Langberg, die dorp en die Keisie, die gemonteerde Osjuk verower, maar daarna het die belangstelling weer getaan. Voetbal is <u>hier</u> nog nooit gespeel nie, maar my seuns het in hulle hoërskooldae gespeel en na hulle al geboer het, nog ingery vir rugby.

Die plaas het darem ook 'n paar pluimbalspelers en deur bemoeiing van Sally Kriel (Jannie) is hier aan die begin 1977 ’n pistoolklub gestig vir ons wyk. Die Polisie kom gereeld uit om lesings en demonstrasies te gee van wapenhantering vir selfverdediging, wat regtig waardevol is in hierdie tyd van swart onrus in ons ou land. Die skietery het eers bokant die skool plaasgevind, maar nou is daar ‘n baan volgens spesifikasie in Konkelleegte voor Sally-se-dam gemaak. Die vroue het alreeds die mans ’n slag uitgedaag en glad nie ver verloor nie. Hier is reeds 'n wapenopname in ons wyk gemaak vir geval van tuisverdediging.

## Kersfees

Ons plaasmense het van lank voor my tyd af die mooi gewoonte om Kersnagte die hele plaas deur te stap en by al twaalf huise te sing. Hulle het destyds egter eers ’n bietjie gaan slaap en van halftwaalf by ons huis begin opdaag met lanterns en Hallelujas of party het sommer by hulle huise aangesluit. Na die blankes 'n paar huise weg gevorder het, begin die kleurlinge weer agter. Vanaf die laat dertigs kom die klomp al vroegaand by my op die gras bymekaar en daar word die tyd gesellig verwyl met speletjies, tot elfuur, dan drink ons koeldrank en "stilte" volg tot looptyd. Dit het al gebeur dat ons tot sewentig in die sanggroep was wat uit al vier provinsies kom. Toe ons nog die vol rondte van twaalf huise gestap het, het ons hier bokant my huis uit volle bors "God sy met u tot ons weer ontmoet" gesing voor die span uiteen gaan. Nou sing ons oorkant teen Uilkoppie "Wedersien". Dikwels gaan 'n klompie ook nog Grootland- of Kloof-toe of dwaal sommer net rond vir die lekkerte tot dagbreek. Ek self het nog net een Kersnag se sang gemis vandat ek as skoolseun in 1926 begin saamstap het – my vrou was siek. Oom Giep de Kock het op een-en-sewentigjarige leeftyd nog van die dorp af gekom om te kom saamstap. Oujaarsaand was die byeenkomplek vir baie jare voor my deur op die gras.

## HOOFSTUK 16

### Politiek

Voor die Boereoorlog was daar uitsluitlik net een party in Kaapland, naamlik: "Het Zuid-Afrikaanse Party" met "Ons Land" as mondstuk, maar as teenvoeter vir Cecil Rhodes se streke is die Afrikanerbond gestig, ek meen by Burgersdorp. Op 3 Junie 1903 is toe 'n sterk tak op Robertson gestig wat deur 'n paar van Montagu so invloedryke persone bygewoon is, wat op hulle beurt 'n vergadering op Montagu belê op 4 Julie 1903 wat in "Ons Land" van 14 Julie 1903 as volg gerapporteer is: "Verleden Zaterdag, 4 Julie, was het zeer levendig op ons klein dorpje. Een groot getal inwoners van ons distrikt waren in het dorp om een vergadering by te wonen, die samengeroepen was door tien van de mees invloedryke mannen van de plaats om die wenselykheid te bespreken van het oprigten al hier van een Tak van den Afrikaander Bond." Die oorspronklike is voor in die dik Notuleboek van ons plaas, asook 'n "Circulaire" waarin bogenoemde vergadering aangekondig is deur die volgende lede van die voorlopige komitee: D.S. du Toit, D.J.G. Joubert, Dr. C.A. Wessels, almal Montagu; P.D. du Toit, Kruispad; A.P. Burger Jnr, Klipkuil; P.H. Burger en A.J. Joubert, Baden; J.D. de K. Conradie, Harmonie; J.S. Cloete, Concordia en C.J. van Zyl, Stockwell.

Op die eerste vergadering van die Bond, onder voorsitterskap van P.W. Cloete en Sekretaris A.W. Hofmeyr, word toe besluit om voorlopig nie in die distrik takke te stig nie. Op die tweede vergadering is 'n ''Motto" met die woorde: "Afrikaander Bond te Montagu opgericht op 4den Juli 1903 – Eendracht maakt Mag" deur mej. Borrie Joubert namens die Jongeliede Vereniglng aan die vergadering oorhandig. Sy het dit ook gemaak.

Op die 15de Augustus 1906 kom ons plaas toe aan die beurt met 'n vergadering ten huise van A.P. Kriel "ten half-drie namiddag met het doel om een tak van de Afrikaner Bond en Boerenvereniging te stigten". Tot voorlopige voorsitter word die heer P.W. Cloete van die dorpstak voorgestel en J.F.D. Kriel as sekretaris. Na die voorsitter die vergadering met gebed geopen het, het hy die doel en konstitusie voorgelê en sewentien van die neëntien teenwoordig het dit na bespreking onderteken. Die naam sal wees "de Montagu Wykstak". 'n Mens wonder hoekom hulle nie Pietersfontein bygevoeg het nie. Die bestuur is toe as volg gekies: P.W. Cloete, voorsitter: H.F.N. de Kock, Vise-voorsitter; J.F.D. Kriel, sekretaris en J.A. Kriel, Vise-sekretaris. Bykomstig: A.F. Kriel (almal van Pietersfontein), A.F. Jordaan, Middelvoetpad; J.D. Kriel, Patatsfontein.

By die eerste vergadering is 'n dik boek vir die afneem van notule deur P.W. Cloete oorhandig, wat vandag nog gebruik word en waaruit hierdie gegewens geneem is.

Die vergaderings is oral in ons wyk gehou. So word op die volgende vergadering in Patatsfontein besluit om 10 sent per 100 koppe van kwaaddoener-voëls en 3½ sent vir 100 eiers en kleintjies van die voëls. Die kinders het nogal hard meegeding vir die sakgeldjie. As een 'n mossienes kry waarin nog net een eier is, sal hy tjoepstil bly en nou en dan gaan voel of die wyfie al klaar gelê het. Neef Hans gaan voel eendag in sy nes en daar prik 'n doring hom op sy vinger. Slanggedagte flits deur sy brein en hy hardloop na ons huis waar pa besig was om hout te kap. Toe hy by pa kom, skree hy: "Oom kap" en toe pa nog niksvermoedend

oorhaal met die byl, gryp Hans die byl uit pa se hand en toe hy weer oorhaal om sy vinger af te kap, gryp pa gelukkig weer die byl en spaar so die ou neef se vinger en stel toe vas dat dit net 'n doringprik is. Oompie Dawid het weer ’n klomp voëlkoppe eendag in sy baadjiesak vergeet toe hy dit in sy kamer ophang. Na 'n paar dae ruik sy kamer na dooiding en by nader ondersoek kry hy die oorsaak in sy baadjiesak. Die uitroei van voëls is Augustus 1909 afgeskaf.

Twee van die eerste beskrywingspunte wat die Tak en Distriksbestuur na die Kongres in 1907 gestuur het, was:

1. Dat niemand wat nie Afdelingsraadsbelasting betaal, op skadevergoeding geregtig sal wees as sy voertuig in ’n publieke pad breek nie.
2. Daar word gevra dat ’n smal spoorweg of padlokomotief van Drie-Angel (Matroosbergstasie) na Sandvlei ingestel word.
3. Asook gevra vir beter bestryding van brandsiekte. (Die plaas het 'n maatskappy dipgat gehad bokant oom Dries se dam).

Die Bond het vir ses jaar bly voortbestaan, maar toe is Onse Jan, die stigter van die Bond, oorlede en op die laaste genotuleerde Takvergadering van 8 Desember 1910 is nog besluit dat elke lid 'n bydrae van 1/- (10 sent) sal maak vir die oprigting van 'n gedenkteken vir Onse Jan.

Voor die val van die Bond het politiek al begin inkruip, want daar was vyf kandidate benoem vir 'n eleksie van die L.W.V. - twee deur die Bond en drie deur die publiek.

Na die verdwyning van die Bond was hier plaaslik vir ses jaar geen politieke organisasie nie, maar op 9 Februarie 1916 verskyn ons ou plaas se naam weer in die Notuleboek en wel in verband met die Nasionale Party. Die notule lui soos volg: "Er ward op 8 Feb. 1916 een vergadering gehou in het schoolgebou te vier urens namiddags met het doel een tak te stigten van de Nat. Party". Weer is landbou ingesluit.

Tot voorlopige voorsitter word J.F.D. Kriel gekies en M.J. de Kock (J/Sn) as sekretaris. Daarna het mnr. Andrew Hofmeyr (van Van Zyl & Hofmeyr) verduidelik wat N.P. beteken en haar doel uiteen gesit. Na enige vrae word toe besluit om 'n tak te stig en 18 uit die 20 teenwoordiges onderteken die volgende verklaring:

"De Ondergetekende verklaar hierby als man van eer met zyn naamtekening de uitgesprokene beginselen van de Nationale Party van de Kaapprovinsie te omhelzen en te zullen handhaven en verbindt zich uit vrye beweging en oprechtelyk, de verplichtingen aan het lidmaatschap van genoemde party verbonden, volgens konstitusie getrouw te zullen nakomen". Die subskripsie was 15 sent.

Die eerste ondertekenaars was soos volg: J.F.D. Kriel, A.F. Kriel en J.A.T. Kriel (drie broers); J.F.D, M.J, C.J, J.F.D. Jnr. en G.J.P. de Kock (pa met vier seuns); J.F, J.A. en A.P. de Kock en J. L. Jordaan.

Na ’n volle bestuur gekies was, het mnr. Oosthuizen, oom Bella van der Merwe se stiefpa, die vergadering met gebed gesluit.

Oom Giep (Hannes) en Koos de Kock van Pietersfontein was destyds in die Wynberg-kamp gereed om Suid-Wes toe op te ruk. Hy vertel hoe sy hart gebrand het om te weet wat sy mense gaan doen met die keuse van "Nat" of "Sap". Hyself het reeds "Nat" gevoel. Gelukkig kom Jan Kriel (Ponie), 'n kampmaat, een môre met 'n brief van sy huis by hom waarin sy ma skryf: "Pietersfontein is nou 'n Republiek en oom Koot Kriel en sy neef Dries de Kock is hul leiers".

Die Pietersfontein-tak het elke drie maande vergader en dan het hulle byna by elke vergadering 'n debat gehad, bv.: "Wat is die onmisbaarste vir die land - Landbou of veeboerdery?"

Op 'n vergadering van 30.1.1920 is mnr. Jan van Zyl van Ladismith vir die eerste keer hier genomineer as Nasionale Party-kandidaat vir die Volksraad, maar verloor teen mnr. Burton.

Op die vergadering van 6.5.1922 is daar 'n besprekingspunt voor die vergadering gelê, naamlik: Dat wanneer 'n persoon grond koop en hy reeds heelwat afbetaal het, maar hy tog later bankrot gaan, 'n gedeelte van die afbetaling aan hom teruggegee moet word. Foeitog, die flukse man, vir wie ek goed geken het, het nooit die voorreg gehad om 'n stukkie grond van sy eie te hê nie.

Daar is ook dikwels van improvisasies gebruik gemaak om die agenda interessant te hou.

Op die vergadering van September 1922 is briewe van die hoofbestuur voorgelees waarin versoek word om ’n protesvergadering op Montagu te hou teen die inlywing van Suid-Rhodesië by die Unie.

Die laaste Nederlands-genotuleerde vergadering van die eerste Nasionale Party is gedateer 1 Augustus 1923, waarop mnr Pieter Brink van Brink Bros deur J.F.D. Kriel voorgestel is as kandidaat vir die Provinsiale Raad en is algemeen aangeneem, maar mnr. Man, 'n Jood, het ingekom.

Nou was hier weer 'n tyd van redelike politieke stilstand, maar dit weet ek dat die plaas se mense hoog gespring het toe die Nasionale Party in 1924 aan bewind gekom het en saam met die Arbeiders die Regering gevorm het. Met die instel van vroue-stemreg in 1930 was ons plaasvrouens baie ontsteld, want ’n vrou behoort in die kombuis en nie in die politiek nie. Hulle het ook min gaan stem.

Met die stigting van ’n Ossewa-Brandwag-tak in die oorlogsjare hier deur Kommandant Dawid Joubert van Rietvlei 2 met ‘n paar van sy Adjudante, was tot op daardie tyd seker die opwindendste in ons lewe, want nou strewe ons mos vorentoe vir 'n Republiek onder die ideale leuse: "My God, My Volk, My Vaderland". Weer het ons mense aangesluit, en ook die Groot saamtrek op Worcester deur Kommandant-Generaal Hans van Rensburg bygewoon. Ongelukkig het die opposisie met sy verdeel-en-heers politiek gou bygekom en dit, saam met die oogmerke van geweld van die O B-leiers, het ons weer laat besluit om maar terug te keer na die ou weë en net voort te gaan met die beproefde Herenigde Nasionale Party of Volksparty en sy leier, dr. D.F. Malan. (Geen-een van ons het saam met Generaal Barry Hertzog gesmelt nie).

Vir die stigting van ’n tak van die H.N.P. (moenie dit verwar met die Herstigte Nasionale Party

van vandag nie) het mnr. Johnny Thomson en mnr. Montie Hofmeyr (seun van Andrew Hofmeyr, stigter van die Nasionale Partytak hier in 1914) weer uitgekom. Op hierdie tydstip was ons Jongeliede Vereniging nog aan die gang en is besluit om dit sommer by die partyverenigings in te sluit, want hier is tog nie andersdenkendes nie. Daar is ook besluit om die vergaderings voortaan van huis tot huis te hou, want die oorlog was nog aan die gang en daar was 'n verbod geplaas op die hou van politieke vergaderings in skoolgeboue.

Die eerste vergadering is toe gehou op 31 Oktober 1942 ten huise van die 82-jarige tant Hetta onder voorsitterskap van D.G. de Kock Snr, J.F.D. Kriel as sekretaris-tesourier met Japie de Kock, M.J. de Kock en D.G. de Kock Jnr. as bykomende lede en 'n subskripsie van 30 sent.

Naas die groot opwinding van die O B-tyd, het die uitslag van Mei 1948 verkiesing darem vir ons niks agtergestaan nie, maar die verkryging van ons Republiek in 1961 kon nie weer so 'n opwinding verskaf nie.

Ons gereelde vergaderings is gehou tot 1970, maar daarvandaan bestaan ons as't ware nog net as 'n tak wat sy eie organisasie behartig. Dit moet darem ook net tussen hakies gesê word dat Pietersfontein se boere ook al betoog het. In 1942, na vertoë deur die dorp se besigheidsektor, het die Munisipaliteit toestemming verleen dat die winkels Woensdagmiddae kan oophou en Saterdae een-uur sluit. Die distrik se boere was onthuts en het 'n protesvergadering aangevra en ons is met ’n vragmotor in om die boere te ondersteun, want destyds is baie boere nog Saterdag in vir hul besigheid en Kerk. Vonke het by die monde uitgespat, maar niemand is beseer nie en die boere het maar weer aan die kortste end getrek. Vandag moet ons al Vrydagmôre ry om petrol te kry.

Voor ons hierdie hoofstuk afsluit, darem nog net dit. Sonder dat een vergadering hier gehou is, is die eerste eleksie gehou vir lede van die Nuutingestelde V.K.R. op 24 September 1969. Ons stemdistrik No. 913 het 114 kiesers op die lys gehad, waarvan 58% of 50% gestem het. Hier was vier kandidate op die briefie vir Kiesafdeling Breërivier, t.w.:

| | |
|---|---|
| C.C. Fillies | Volksparty |
| G.J. Fortuin | Arbeidersparty |
| J.H. Lategan | Rep. Volksparty |
| G.P. Michals | Federale Party |

Hier was ook ’n binne en buite agent vir die arbeiders, naamlik T.Hendriks en R.M. Stuart, met mnr. Greeff, oudonderwyser, as voorsittende beampte.

Sewes van Wyk, (my veewagter), Jonas Juries en sy seun Esau was die eerste mans wat hulle kruisie gemaak het, terwyl Jannetjie Swanepoel (Oumeid) die eerste vrou was. Die Arbeiders het vêr gewen.

Ek wens ek het geweet wie die eerste blanke vrou was wat hier gestem het.

## HOOFSTUK 17

### Dit en dat en die ander ding

Ons wil darem nog een en ander vertel van persoonlikhede wat hier geleef en gewerk het, asook staaltjies aan party verbonde.

Een van ons manne, wat nou in die Oue Tehuis is, sê daar was drie stadiums van werk in ’n kind se lewe. Sodra hy sy ma se rokpant kan los, moet hy hoenders, en soms ook varke, oppas. Daar was geen hokke nie. 'n Bietjie later moet hy perde en beeste oppas, want draadheinings was maar min. As die melkbaard begin stoppels maak, moet hy sy graaf vat en tussen die groot mense inval.

So vertel oompie Dawid dat sy ouer broer, Jan, die volle ses weke vakansie by oom Floors Vermeulen op Cedraskloof moes perde oppas vir 25 sent, maar die oom het dit nie gehad om dit dadelik te gee nie. Oompie en hulle suster Soes moes dit toe later daar vir hulle ma gaan haal en was baie bang om met die voetpaadjie deur die Waterkloof daarheen te stap. Die rypad het later eers gekom. By oom Floors aangekom, het hulle huiwerig die doel van hul sending vertel en was daar darem nie probleme nie, want die oom sê: "Hier is geld soos bossies", en kom hulle gou met die halfkroon in die hand terug.

Dieselfde ou oom Floors lê op ’n dag siek in die oorspronklike platdakhuisie voor die eerste ou dam, daar is nou 'n groentetuin. Die môreson skyn reg op sy gesig deur die klein oop plankvenstertjie. Hy roep toe na sy vrou: "Tootie!!! Kom maak asseblief toe die venster – die son skyn op my", maar Tootie was ’n endjie van die huis af in die kookskerm by haar potte besig en kon nie die versoek hoor nie, ook nie toe hy dit die tweede maal met dieselfde woorde herhaal nie. Die oubaas was maar kort van draad en hy roep die derde keer: "Tootie!!!! swernoot, kom maak toe die venster!! Ek het jou al gesmeek, maar bid sal ek nie, want die Woord verbied afgodery".

Daar is onder die hoofstuk oor godsdiens gesê dat die katkisante maar gewoonlik by die meester gekatkiseer het. So het twee jong mans, Johannes Kriel (Koning) van Laatsrivier en Willem Roux van Doornkloof oorkant by tant Sannie Michiel loseer en aan die duskant middae na skool by meester gekatkiseer. Die voetpaadjie deur die populierbos in die rivier, het oor die wal van ’n rivierdammetjie geloop en eendag toe hulle weer van meester af terugstap, kry Kriel – hy was 'n platjie – ’n blink gedagte! Voor hulle die populierbos ingaan, sê hy vir Roux: "Jong, kom ons speel perd hier deur dan ry jy my". Roux laat hom ook nie twee keer nooi nie en klim op die tweebeen perd se skouers. Die windmakerige perd maak toe eers ’n paar akkels voor hy koers vat die bos in, maar ongelukkig vir Roux, skrik die perd toe hy op die damwal kom en smyt sy ruiter met nuwe ferweelbroek en al binne in die dam water en galop deur tot op die oorkantste wal, waar hy gaan staan en snork terwyl die druipnat ruiter hom met klippe en "mooi" woorde bestook.

Ou Willem Landsman (Hollander) was 'n messelaar en dekker wat lank in die distrik rondgeloop het en ook hier by ons 'n heel paar geboue, soos ons groot parskelder en oom Jan Polka se huis in die Kloof, gebou het. Ou Willem het voorheen altyd by die boere aan tafel geëet, maar op 'n dag toe my oom hom innooi vir ete na hy ou Willem lank nie gesien het nie,

sê Willem hy sal sommer in die kombuis eet. "Waarom?" wou my oom weet. "O, ek het my stand verneder, ek het Filla Padda (sy eerste vrou) as vrou genomen".

Toe een van ons predikante op 'n dag vir ou Willem voor stok kry omdat hy die Tien Gebooie verbreek het met die Kleurlingvrou, was sy antwoord: "O, jy het ook al die Tien Gebooie verbreek, want die Tien Gebooie zyn soos die skakels van een ketting – as jy een breek, breek jy die hele ketting". Die dominee moes maar 'n ander aanvalspunt soek!!!

Wyle oom Johannes Krakadouw het vertel dat hy een skemeraand in Doornkloofsrivier hoor takke breek en by nadere ondersoek is dit ou Willem wat aan die bedmaak is vir die nag met hotnoskooigoed en ander ruigtes. Die oom herken dadelik ou Willem se stem toe hy vir Jannetjie, sy tweede Kleurlingvrou, sê: "Jannetjie, jy moet bidde. Jy is baie siek. Jy kan doodgaan". Jannetjie: "Ek kan nie bid nie". Toe Jannetjie, na die tweede versoek, weer protesteer: "Ek kan nie bid nie", kom hy haar tot hulp en sê: "So moet jy bidde: Vader, leer ons onze dagen so te tellen, watter dagen moet gy tellen? De dagen die voorby zyn". Jannetjie het darem weer gesond geword.

Dié soort mense, ook pakkiesdraers of Trany's genoem, blikslaers wat soldeerwerk doen, messelaars, maar ook sommer bedelaars, het van ons paaie verdwyn. Ou oom Krisjan van der Lid, 'n blikslaer, was gebreklik en het te perd gery deur die distrik en dikwels hier oornag. Om te beklemtoon hoe noodsaaklik dit is om enige boom wat hy verplant af te sny, het hy gesê as jy jou ouers verplant, moet jy hul koppe ook eers afsny. Ou Vos was die laaste wat nog in die veertiger jare hier gedwaal het. Hy wou nie werk nie en het sommer net gekuier en moes dikwels aanstoot verduur.




Dan het ons ook hier die gereelde besoeke van ou mnr. Schachat, 'n ou ortodokse Jood met ’n lang baard, van Robertson gehad met sy klerasie kar, getrek deur twee ou groot perde. Sy oornagplek was by ons, maar hy bring sy eie kos tafel-toe. As sy brood te verskimmel is, moet ma darem maar 'n sny of wat deurkeer. Dit was 'n aardigheid om te sien wat ’n wye

verskeidenheid van klerasie en materiaal hy uit die groot bondels, goed toegedraai in seil, kan te voorskyn bring. Die grootste aantrekkingskrag vir ons kinders was darem maar as "mister" Sachat sy juwelierskissie, by ons bekend as "toorkissie" met al sy blink goeters wat 'n kind se mond laat oophang, oopmaak. As Vrydag hom hier vang dat hy nog nie kan Robertson toe ry nie, bly hy oor vir die naweek, want vanaf Vrydagaand sononder moet sy kersie brand en bring hy Saterdag in gebed en vas deur. Die ou het by ons broers in die buitekamer geslaap en was dit soggens ’n aardigheid om die oubaas se gebedritueel te sien. Hy lees eers ’n stuk uit die Bybel, trek dan 'n lang streepjurk of toga aan en begin dan sy hande, arms en kop op verskillende maniere met sy filaktereë (leerbande) inspan, terwyl hy staande bid en wieg, maar al wat ek hoor was "Gabba, Gabba, Gabba", hees soos 'n makoumannetjie. Na sy eerste rondte gebed gaan hy eers kyk of sy perde al voer het en kom hervat dan weer sy godsdiens. Foeitog, ouderdom en motors het dié ou ook omstreeks 1940 van die pad gedruk.

Toe Hitler die Jode so uit sy land verdryf het, het een van ons boere gesê as ons Jode ook moet padgee, sal hy self ou Schachat met ’n ligte swepie aanjaag, want hy was ’n goeie Jood.

Ja, en daar is nog niks van die Boereoorlog wat hom ook hier laat geld het, gesê nie. Die Kakies en "Townguards" het ook hier op hulle spioenasie ritte aangedoen om te sien of "Martial Law" toegepas word. Wyle tant Hetta se seun, Gert, vertel hoe versigtig sy ma was om snags haar babadogter droog te maak sonder dat die ou vetkersie se liggie van buite af gesien kan word.

Sy pa was eendag baie ontstoke omdat die Kakies sommer op sy huissolder klim en 'n sak koring en patats by die soldervenster uitgooi op Kriekheuwel se nabankies, vir hul perde, en dit net omdat tant Hetta nie vir hulle wou kos gee nie. Die arm mense kon regtig nie van hul min kos afstaan nie.

Hulle eintlike kosvoorraad was gelukkig in Doornkloofsrivier, regoor Non-se-land onder ‘n groot bakkrans, bedek met kareebome, weggesteek. My pa het sy kosvoorraad agter die rantjie voor ons huis in ’n gat, bedek met sinkplate en kraalbosse, gebêre. Ek dink die veldmuise was bly!!

Daar is reeds vantevore melding gemaak van die trekdiere wat so opgekommandeer was, sodat my pa en sy broers net ’n krombeen esel en ’n merrie met ’n vulletjie oorgehad het. Toe 'n buurman op die dorp mooipraat dat hulle darem nie sy hele span moet vat nie, was die offisier se antwoord: "Jullie boere moet nieks hê nie, want jullie is too sleg, slegter as hundestrund". Oom Tas was ag dae op die dorp onder parool geplaas omdat hy nie sy saal en toom ingegee het nie. Hy het die saal in die Wildehondskoppe weggesteek.

In daardie tyd was vier gesinne in die plaas se rottangmat stinkhoutstoele nog nuut en moet die Kakies hulle bandoliere en goed wat kan krap, afhaal voor hulle op die stoele sit (as hulle miskien ingenooi word), sodat dit nie krap nie. Twaalf van die stoele is nou al onder vreemdes verval.

Daar is reeds melding gemaak van die moeilike tye wat spaarsaamheid by die plaas se mense in die hand gewerk het. Om dit te staaf, haal ek 'n paar bladsye uit my oorlede vader se twee sakboekies aan wat sommer ook 'n kykie in die prysopset gee. Op 23 jarige

leeftyd het my pa sy dienste by oom Bêrend Geldenhuys, 'n vermoënde ouderling en handelaar in karre en waens, aangebied om saam te gaan Vrystaat toe, net om vir die eerste keer verder as Montagu te sien. Volgens die eerste bladsy het hy sy eie koste ook gedra. Ek haal die eerste bladsy van die boekie onveranderd aan, maar gebruik desimale geld:

"Montagu 28 April 1890. B. Geldenhuys geleen van J.Kriel £2/-/- (R4). 3de Mei Kar huur na Ashton 5/6 (55c). Ticcet Ashton na Worcester £1/1/- (R2.10). Tikkets van Worcester na Beaconsfield R2.30 voor transport R2.02½, bolletjies 5c, voor bakkersbrood 10c, een vlesje brandewyn 10c, 16 July 1 blikje cediens 15c, R2 twee rand stg geleen". Pa was seker platsak voor hulle tuisgekom het.

In die boekie is ook ’n paar los bewyse, een daarvan in 1903 vir "£8 Acht pond sterling teen zes percent rinte voor waarde genooten". Die bewys was in 1911 nog nie vereffen nie, want daar staan net "rinte betaald tot 6 Maart 1911".

In 1910 het pa en ma vir die eerste keer gaan kyk hoe die Kaap lyk en Rosebank se skou besoek en hier volg die uitgawe op die toer:

| | |
|---|---|
| Perdekar huur na Ashton | .80c |
| Trynkaartjies na Kaap | R12.86 |
| Kepkar 40c, Tram na Rosebank R4.80 | R 5.20 |
| Tentoonstelling R1.20, Koffie en druiven 28c | R 1.48 |
| Tram na Houtbaai | .67½ |
| Klerasie en glase by Joot | R1.91½ |
| Tram na Valkenburg | .15c |
| Neklis Rl,50, Tee en Brood 15c | R1.65 |
| Kepkar 22½c, Schoene Rl.05, sambreel 40c | R1.67½ |
| Logies R3.65 (seker vir 2 dae), waatlemoen 5c | R3.70 |
| | R30.15 |

Hier volg 'n pryslys van verskeie items voor en ná 1900, maar ek het dit, gerieflikheidshalwe, omgeskakel in die huidige geld, mate en gewigte. Die bedrae in hakies, verteenwoordig die hedendaagse prys van die betrokke artikel:

| | | |
|---|---|---|
| Rys - 500 gram | 2½c | |
| Suiker | 3c | |
| Koffie | 7½c | (vandag tot R5.30 per 500 gram) |
| Vet | 5½c | |
| Sak meel | R2.60 | (vandag R22.50) |
| Steen blouseep | 2½c | (vandag 28c) |

| | | |
|---|---|---|
| Pakkie vuurhoutjies | 4c | (die pakkies van 20c bevat vandag baie minder vuurhoutjies) |
| Slippers | 75c | (vandag R6.50) |
| Veldskoene | 75c | (vandag R9.00) |
| 1 Meter Bokskyn | 80c | |
| Sis | 25c per meter | |
| Kom ons kyk na die hardeware: | | |
| Graaf | 56c | (vandag R5.00) |
| Booromslag | Rl.60 | (vandag R10.00) |
| Ploegskaar | 15c | (vandag R3.00) |

Spuitmiddels wat vandag 'n aansienlike bedrag verg, was toe nog onnodig en onbekend.

Die boervrou het gewoonlik ’n bokvel, 'n paar dosyn eiers en 'n pond of twee botter ingestuur met 'n lang notisie wat gewoonlik afsluit met "res koffie of suiker".

Oompie Dawid vertel eendag terloops hoe hy een môre, nog donker, agt kilometer enkeld gestap het om 'n notisie na 'n buurman te neem om die kruideniersware van die dorp af saam te bring. Ja, en toe kry hy nog 'n spook by Petieranes!!

Hoe vergelyk die verkoopware?

| | |
|---|---|
| Koring | Rl.03 vir 'n 200 pond groot sak |
| Van Zyl's boontjies | Rl.50(Vandag R45.00) |
| Aartappels | 50c per sak min 15c ryloon |
| Okkerneute | 3c per pond |
| Koei met kalf | R12.00 |
| Stookwyn | R5.00 per lêer (vandag R70.00) |

Oom Andries het vir die aanbou van sy platdak gedeelte aan Kriekheuwel se huis by oompie Giel op Cedraskloof R12.00 geleen teen 6%, maar die bewysie was al in vier stukkies weens ouderdom, voor hy dit kon aflos.

Ek het self baie suikerboontjies op die land opgetel vir 2½c per pond, tans 54c per kilogram.

Alles in aanmerking geneem was die verhouding tussen koop- en verkoopware nie veel anders as vandag nie, net die kontant was skaarser as vandag, maar die mense het gelukkig agter hul geld aan gelewe en nie vooruit nie. 50% en meer wins is op bruto inkomste gemaak.

Hier bo is van skoene geskryf. Weet u, jong leser, dat die oumense tog te geneig was om skoene, veral vir hul kinders, 'n nommer te klein te koop en dan word dit in die aand vol gars of koring gemaak en 'n koppie water daarin gegooi en vir 'n dag of twee so gelos sodat die geswelde graan die skoen kan rek!! Ek dink die hoofrede van 'n te klein skoen was, dat die kaalvoet plaaskind sy skoene vier of vyf jaar uit mekaar gekry het, en hy nie altyd saam was om dit aan te pas nie.

'n Ander sakie wat melding verdien is dat tant Pattie etlike jare omstreeks 1917, 'n plaaswinkeltjie op ’n kommissiebasis vir Brinks aangehou het. Die winkel was op die end van die westelike vlerk van haar huis. Na sy dit opgegee het, het oom Kotie de Kock weer ’n winkel vir Brinks op ’n deel van Kriekheuwel se huis gehou. Daar het ’n mens 'n groot gedraaide kardoes "Ghoemela" klontjies vir 'n hoendereier gekry. Hy het twee perde, 'n vrieskoei en verkeerde veer hoenders aangehou op die twee lusernkampe. Die omie was maar kort, maar kersregop. Die winkel is in die laat twintigs gestaak.

In die begin sestiger jare het oompie Dawid vir die plaas 'n posbuskissie vir inkomende pos onderkant op sy stoep gesit. Almal bring almal se pos van die dorp en gooi dit in die kassie, waar elkeen sy pos gaan haal. Na die nuwe pad oor die hoogte gekom het, is die poskassie met sy afdakkie na die Patties se huis verskuif, waar dit nou nog diens doen. Die onderskeidingsnaam "Grootland" en "Mooi Erfenis" het ook toe gekom en "Klein Begin" en "Die Dam" weer later.

'n Mooi gebruik wat met die verloop van jare en vermindering van mense bykans in onbruik verval het, is lenery oor en weer van 'n trekseltjie koffie, 'n stukkie suurdeeg, 'n paar borde meel of 'n stukkie vleis. So ook het elke gesin in die plaas elke jaar ’n groot wintersvark na mekaar geslag, waarvan elkeen oor en weer karmenaadjie (karnaatjie) kry – ’n wors, 'n tweerib strokie en 'n stukkie van die dikste spek. My ma het altyd die vleis in groot koolblare gesit en moes ons 'n ses of ag karmenaadjies uitdra. Môre of anderweek stuur buurvrou weer. Lekker ou dae!!! Nog net ons gesin hou nog vol met dié gebruik van 'n voervark slag.





*Die Kriel se plaashuis op Mooi Erfenis*

## HOOFSTUK 18

## Winde van verandering

Die Britse Eerste Minister, Harold McMillan, het met 'n besoek aan die Kaapse Parlement in die sestiger jare gesê: "Die winde van verandering is besig om oor Suidelike Afrika te waai", en vandag weet ons wat alles reeds plaasgevind het in die Swart State. Ons plaas self het groot veranderinge ondervind.

Ons het net vantevore die era van die blanke onderwys in 1965 hier afgesluit, maar deur jarelange bemoeiing deur die Sendingkerk en veral ds. Jan Carstens, is daar ‘n begin gemaak met die werklike bou van 'n Kleurlingskool. Hy het baie tyd en kragte opgeoffer om die grondskenking op Vloershoogte van D.G. de Kock, fondse en toestemming van Gemeenskapsbou en Administrasie te verkry. Toe alles in die haak was, het Jannie Kriel die terrein 'n bietjie gelyk gestoot en die tender is aan A.J. Odendaal, wat ook sy onderwys hier gehad het, toegeken vir R6 347. J.F.D Kriel het met die hulp van die wyk se Kleurlinge, veral Saterdae, al die sand en water aangery. Die name van die vernaamste helpers is opgeskrywe en bo-op die voordeur se kosyn vasgemessel en op 18 Januarie 1967 betrek Meester Jan Swanepoel en gesin die skool en huis met 60 rou leerlinge, ’n jaar na ons blankes met sewe gesluit het. (Meester Swanepoel was nogal ’n boorling van ons wyk). Meester en sy vrou moes darem harde bene kou, want daar was net vier of vyf kinders wat al 'n A en ‘n B van mekaar geken het.

Saterdag, 4 Februarie 1967, vind die inwyding toe plaas in die teenwoordigheid van ongeveer 350 Kleurlinge en dertig blankes. Ds. J.D.A. Conradie, mede-sendingleraar, open met skriflesing en wydingsgebed, waarna ds. Jan Carstens almal welkom heet en D.G. de Kock spesiaal bedank vir die skenking van die stukkie grond.

Om die aandag van die Kleurlinggehoor weer 'n bietjie te prikkel, vertel oom Dawid 'n paar interessante grepe uit die ou Kleurlinge se aandeel in die vroeë ontwikkeling van die plaas. Onder andere vertel hy van ou Hendrik Hardloper wat een môre met ’n brief met die voetpad oor Patatsfontein die berg oorgestuur is Touw toe na oom Koot de Kock. Die aand, kort voor sononder, kom hy die plaas in met sy hond onder die arm. Op 'n vraag van sy oubaas hoekom hy dan die hond dra, was die ou se antwoord: "Oubaas, maar hy het hierbo in Dassieskloof van moeghied flou geval en verseg om op te staan, toe moes ek hom maar dra". Dis goed vyf-en-tagtig kilometer wat hy die dag afgedraf het.

Die stuk van ou Hottie Filander was nog interessanter. 'n Slang het iemand onderkant die Tasse se huis in die gras aan die been gebyt en ná behandeling van die wond, gee sy baas hom ‘n stywe dop witblits om te drink. Ou Hottie, wat die petalje staan en bekyk het, rol toe ongemerk sy broekspype op en begin in die lang gras ronddans dat die slang hom ook moet byt, sodat hy ook 'n dop kan kry.

Hiema het dr Kellermann, Hoërskoolhoof, namens die opvoedingsinstansies gepraat. Inspekteurs Dreyer en Terblanche se boodskappe van aanmoediging is gevolg deur ouderling Soontjie Januarie wat die bruines aangespoor het om te waardeer wat vir hulle gedoen word.

Na J.Kriel ook iets gesê het, het ds Carstens sommer net in kort almal bedank en is oorgegaan tot die uitdeel van snoeperye en 25 kissies koeldrank.

'n Groot leemte is nou gevul, want tot 1950 is die sendingdienste in ons skool gehou en die blankes het dit net so gereeld bygewoon soos ons eie dienste, maar daarna is dit in skrywer se waenhuis gehou, terwyl begrafnisdienste in waenhuise nader aan die kleurlingkerkhof gehou is. Sommer met die eerste buitediens in die skool is 'n huwelik voltrek van 'n paar met groot kinders, naamlik ou Salmon Kiewiet en Jannetjie Swanepoel (Oumeid) terwyl twee pare, Sewes van Wyk en Lenie van Wyk en Maarman en Roos Swart die eerste doopouers was.

Meester, wat self baie mooi kon sing, se groot taak om die rou span touwys te kry was om hulle baie te laat sing, want sang sit mos in diée nasie se bloed. Sy poging was so geslaagd dat hy met die afsluiting in Desember ’n oulike konsert vir die gemeenskap kon aanbied.

Na meester en sy vrou vyf jaar hier gewerk het en die skoolkamp met bome en roostuine versier het, het hy by Kraaifontein ’n pos gekry en moes twee blanke vrouens vir drie jaar die poste beman voor Meester Dawid Pekeur en sy vrou weer oorgeneem het. Meester Pekeur, in samewerking met skrywer, kry in 1977 van Waterwese toestemming vir die aanlê van 'n voetbal- en netbalbaan teen ’n nominale huur op sy eiendom. In Julie kon hulle toe al aan 'n interskoolsport op Laatsrivier gaan deelneem.

Ons moet nou voortgaan om die verdere verwikkelinge, waarvan aan die begin van die hoofstuk gepraat is, te noem. Teen die end van 1967 koop D.G. de Kock Snr die restant Pietersfontein van die nog vier oorlewende Tasse, maar hulle behou 'n lewensreg wat in Mei 1977 beëindig is toe Alexander, die enigste oorlewende, Ouetehuis toe is. Oompie D.G. verkoop van die restant Katreintjie-se-land vol doringbome aan A.F. Kriel en Nuweland en Fonteinsdrif in April 1968 aan A. J. Odendaal, wat ook later Hanniesplaas van J.A. de Kock koop, met die gevolg dat die restant met nog ongeveer 80 hektaar krimp en met Lot 1 gekonsolideer word. Die Kriel Broers van Grootland ontbind hulle jarelange vennootskap in 1967 aangesien Piet net dogters het en Alexander reeds twee seuns gehad het wat wil boer. Piet laat toe vir hom op Non-se-land bou, waar hy tans nog woon, maar Alexander dra aan sy seuns oor en trek eers plaas-toe en in 1968 dorp-toe. In 1977 verkoop die seuns aan Kriel Vennote vir R57,000. Dawid (Basie) het saam met Waterwese getrek toe ons Staatsdam voltooi is. Frikkie Conradie verkoop Cedraskloof aan Jan Roux en trek af plaas-toe en Jan Stemmet, ook reeds oorlede, trek van die Fick’s se plek oorkant toe na sy eie plek. Vanaf April 1978 neem Kriel Vennote Patties onder huurkoop. Andries verhuur sy plek aan Tys en gaan as bestuurder na Ashton Canning. Martha Frikkie trek ook Ashton toe en Martha Stemmet gaan na haar kinders. Dit laat die oorkantste huise almal leeg.

## HOOFSTUK 19

### Die natuur en belangrike datums uit my dagboek

Ons mooi plaas, geleë aan die Waboomsberg aan die begin van die Klein Karoo, is maar van altyd af gewoond aan sy periodieke droogtes, storms en natuurfratse, maar haelskade is bykans onbekend.

Daar is reeds voorheen melding gemaak van die storm oor Groenland-se-hoogte wat ou tant Marie Jordaan se hartbeeshuis voor 1800 weggespoel het.

Die volgende bekende storm was die middag van 9 Maart 1867, toe twee dogters van Grootjie in, later oom Dries se huis, in spanning gewag het op die koms van hul eersteling seuns. Dit was die middag vieruur so donker dat die lampe moes opgesteek word om lig te verskaf. Die water het so dik om die huis geloop dat die mansmense kort-kort gaan kyk het of hulle nog sal kan deurloop as daar dalk moeilikheid kom, maar my pa en sy neef Stoffel van Zyl het veilig geland.

In 1888 was dit weer ’n bitter droë jaar – soveel so dat die honger kleurlinge in die veld rondgeloop het om doodgaan diere af te slag vir vleis.

In Desember 1895 weer ’n kwaai storm in die berg wat 'n streep wingerd by ons amandelboom wegspoel, asook die bougrond van Katreintjie-se-land en heelparty perde en beeste langs die rivier meesleur. Die land het toe weer toegegroei onder dorings wat soveel slikgrond van hoogwaters versamel het, dat die Grootlanders dit in 1968 gekoop en weer skoongemaak en vol wingerd geplant het.

My ou informante was dit eens dat 1906 die natste jaar in hulle heugenis was, toe molsgate in die veld maande lank fonteintjies was waar die kinders kon dam speel. Aan

die begin van die twintigs weet ek was dit een jaar so droog dat ons net sewe boklammers gekry het!!

In die dertiger droogte en depressiejare, toe die Staat werk voorsien het aan werklose blankes, is hier ook twee nuwe damme, dié van oompie Dawid by Vloershoogte en Andries s'n teen Doornkloof-se-hoogte, met kruiwaens gemaak en ons s'n is vergroot – onder 'n subsidiestelsel.

Een nag in November 1942 was die weer so swaar, sonder reën, en was ek geskok toe ek die môre by ons bokkraal kom en daar neëntien bokke opgeblaas onder die sinkskuur dood lê wat deur die weerlig getref is. Ons het 'n klomp afgeslag vir die velle en 'n stuk of ses Doornkloof toe gery vir daardie bruinmense. Die vleis het baie gou begin bederf.


In 1943, 'n Sondag, was daar 'n wolkbreuk bokant Krakadouw wat twee van Lewies Conradie se melkkoeie weggespoel het. Die een het in Doornkloof uitgespoel, maar die ander een het by Otterbank eers bly lê. Soos reeds voorheen gemeld, is dit dié water wat die klomp hekke langs die rivier af finaal oopgegooi het.

In Augustus 1950 kry Grootland, D.G. de Kock, J.F.D. en G.J. Kriel aansluiting op die agtienhonderd telefoonlyn teen R16 per jaar huur en was dit nie langer nodig om Tweerivier toe te ry om by 'n foon te kom nie. Ons dank aan oom Gielie Jordaan wat so baie doodstydings hierheen moes kom wegbring. Cedraskloof, Krakadouw en Doomkloof het 'n paar jaar later aansluiting gekry tot ons in 1966 almal behalwe een huis, foon gehad het.

1945 was 'n uitstekende reënjaar wat 'n goeie oes in 1946 opgelewer het, maar met Oktober 1947 se nuwe maan slaan 'n verwoestende ryp ons wingerde baie hard. 1951 was bitter droog, maar 'n donderbui in die berg in September spoel die aandam in Waterkloof totaal weg en dis toe dat ons besluit om 'n sement-aandam te gooi.

Op 3 Desember 1951 kry die hele Wes-Kaapland 'n verwoestende windstorm wat duisende sakke graan uitwaai en hier vrugte en druiwe vemiel en nog boonop Robertson en McGregor se kerktorings beskadig. Die riviersboere het maar 'n derde van hul wingerdoes gekry en 1952 se oes was nog treuriger weens droogte wat die boorgate laat leegtrek het, Selfs Desember se mooi reent kon nie die oes red nie.

In April 1953 kry ons 44 mm reent, maar net Doornkloofsrivier het deurgekom. Teen alle verwagting in, met 16 en 17 Oktober se kwartier, slaan die ryp hier weer hard, maar die Koo se vrugte word nog swaarder getref. Gelukkig kry ons net ag dae later 'n mooi reent met baie sneeu op die berg, maar weer kom min water in die rivier, terwyl die Keisie se rivier 'n maand loop.



*'n Natuurlike waterbron in Pietersfontein.Die waterval sit in die kloof waarvandaan Pietersfontein sy standhoudende water kry en is 'n baie gewilde besoekpunt vir natuurliefhebbers.*

Op Vrydag, 30 Oktober, begin 'n haelbui bokant Krakadouw oor Doornkloof, Keisie en dorp, maar rig die meeste skade op Derdeheuwel aan. Ons plaas is gespaar. Ons distrik se ryp en haelskade is op R250,000 geraam.

Op 12 November kry ons seker die digste mis in die geskiedenis van die plaas.

In Maart 1954 kry ons 'n wolkbreuk oor Groenland-se-hoogte van 37 mm binne 'n kwartier, sodat die kerkhofkloof aalwee polle tot by die rivier, asook baie boordgrond, weggespoel het.

1954 was weer 'n goeie reënjaar, sodat die rivierboere hulle wingerde kon uitvars, want die rivier het 'n jaar aaneengeloop en ons by tye van die dorp afgesny. Heelwat graan is langs die rivier gewen.

1955 was waarlik 'n jaar van natuurfratse wat soos volg gebeur het: Die aand van 31Mei kloof die weerlig die tamaai hoë akkerboom oorkant die rivier van sy top tot in die grond. Byna was ek op daardie oomblik onder die boom, want ek was op pad om die dam onder die boom, te gaan toemaak. Na 'n betreklik droë winter het Oktober gekom met wind, onweer en koue sonder reën. Met nuwemaan, 16 Oktober, word ons gespaar met ryp, maar Keisie, Baden en

Paddavlei kry heelwat skade, maar toe word ons weer die nag van 21 Oktober hard geslaan, sodat die rypgebrande lote dae lank gestink het. Die 25ste Oktober weer wit geryp, maar sonder bykomende skade.

Die 1956 oes was baie laat. Hoewel dit maar die helfte van 'n normale oes was, het ek eers die 3de April die laaste vrag muskadel gery wat die môre wit van die ryp gelê het. Die Doornklowers het eers die 12de April klaar gekry.

Die aand van 11 Oktober 1958 is die eerste Russiese satelliet, wat reeds op 3 Oktober gelanseer is, hier deur Hannah Swart, ons bruin bediende, raakgesien en was dit 'n tyd lank 'n aardigheid om saans na hom te soek.

In Oktober 1958 is hier begin met die eerste jakkalsproefkamp.

In November waai die wind baie jong appelkoosbome af, onder andere 90 bome in een boord van Jannie Kriel.

Op 29 Oktober 1958 kry ons kwaai ryp wat heelwat wingerd wegryp.

Sensusstatistieke van 1960 vir die Pietersfontein basaarwyk was soos volg:

| | |
|---|---|
| Blankes (bo 10 jaar) | 33 Mans en 29 Vrouens |
| Kleurlinge | 51 Mans en 42 Vrouens |
| Terwyl die getalle van 1970 soos volg was | |
| Blankes | 20 Mans en 16 Vrouens |
| Kleurlinge | 45 Mans en 32 Vrouens |

1960 was 'n ekstra droë jaar wat net 3,43" reën gegee het en ek moes Augustus al pomp om die wingerd om te werk, maar parstyd se suikergraad was goed.

November 1961 het 'n kwaai donderbui oor die plaas na Patatsfontein getrek wat baie bougrond weggespoel het.

Weer het ‘n paar normale jare ingetree, maar 1963 maak die boere groot skrik met die eerste aanval van suigmot wat tonne perskes verniel het.

Die môre van 17 Julie 1964 ruk 'n vinnige wind Boonsteland se huis, wat in 1910 gebou is, se platdak af en gooi dit op die rivier se wal.
Op 5 November 1964 rig kwaai donderweerreën baie skade aan en spoel, onder andere, Kriekheuwel se groot klipmuur plat.

1964 was egter ’n goeie reënjaar met ’n vroeë parsseisoen. Hoewel die weerligte 'n week lank elke aand uitgeslaan het, het dit glad nie in parstyd gereën nie.

Na bemoeiing deur die Montagu Boerevereniging, is Serbie Mostert in ons wyk, Agter Keisieshoogte, benoem om soveel kragpunte moontlik te verkoop, sodat ’n Evkom-lyn lonend sal wees. Sy poging slaag en op 22 Desember 1967 is die krag aangeskakel.

Ons plaas het wel deeglik die aardskok van 30 September 1969 gevoel wat Tulbagh, Ceres en Wolseley se geboue so verwoes het. Ons het egter nie noemenswaardige skade gekry nie, maar heelwat voordeel, want ons bergstroom het, hoewel dit baie droog was, vir ses maande die helfte sterker gebly as normaal en daarna het dit geleidelik afgeneem tot normaal.

1970 was nog droër – soveel so dat Jannie Kriel meer as die helfte van sy plaas se bome moes uithaal en Piet Kriel (Non) sy plekkie 3 maande moes laat lê en gaan werk. In parstyd trek daar toe ’n hewige donderbui deur die koppe wat Patatsfontein se pad heeltemal laat wegspoel en Tys Conradie ‘n gesnyde vrag druiwe hierlangs moes dorp toe neem.

1972/73 was nog treuriger jare wat Jannie Kriel genoodsaak het om ‘n drupstelsel in te sit om die verswakte boorgate nuttiger te kan gebruik. Ons gemeente het drie biddienste in een somer gehou.

In November 1976 het ons al vier seisoene van ‘n jaar beleef, naamlik: Stormagtige winterweer met sneeu, ligte hael en toe ryp op die 26ste; verder warm benoude weer wat ernstige donsige skimmel in die Boland veroorsaak en ook na 1977-parstyd hier uitslaan. Ons hoop en vertrou egter dat ons algemene warm droë klimaat sal verhoed dat donsskimmel verwoestende afmetings aanneem.

Om af te sluit gee ons net die reënvalsyfers vanaf 1958.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1958 | 11,93" | 1959 | 9,24" | 1960 | 3,43" | 1961 | 10,83" |
| 1963 | 10,26" | 1964 | 10,52" | 1965 | 7,8" | 1966 | 3,88" |
| 1967 | 7,25" | 1968 | 5,98" | 1969 | 5,92" | 1970 | 5,86" |
| 1971 | 2,04" | 1972 | 4,36" | 1973 | 3,94" | 1974 | 10,90" |
| 1975 | 7,4" | 1976 | 8,21" | 1977 | 10,09" | 1978 | 5,36". |

(Nota: Daar was geen syfers vir die jaar 1962 in die oorspronlike document.)

Ryp- en stormskades het ons al hard geslaan, maar niemand van my ou informante weet van noemenswaardige haelskade nie. Ek self weet van ’n buitjie hael wat oorkant deur 'n smal puntjie van ons ryp koring getrek het en een parstyd die laaste halwe vrag druiwe effens beskadig het, terwyl ons buurplase al swaar deurgeloop het met hael.

## TER AFSLUITING


Ek dink u weet en besef nou, geagte leser, waarom ons ou plaas vir ons dierbaar is en iemand sy deel die onderskeidingsnaam van "Mooi Erfenis" gegee het. Dis omdat geen vreemde, behalwe 'n mnr Klopper vir 'n jaar of twee op Boonsteland, tot hiertoe as eienaar gehelp ontwikkel het aan die plaas. Dit is sedert 1845 net een familie waarvan die vyfde en sesde geslag van M.J. de Kock en H.B. de Kock (Triefeiszen) nou begin boer. Ons weet hoe moeilik die beginjare was. Baie is deur onderverdeling uitgedruk, maar wat oorgebly het lewe goed.

Ons hoop dat hierdie skrywe sal dien tot inligting en 'n jaloerse liefde om te behou wat ons eie is – ook in geslagte wat kom. Ons ken mekaar se liddorings en foute en erken mekaar se regte bakens en weet presies waar Lensieland, Meul-se-land, Skelmnek, Roubrood-se-drif of Moedverloor is. Dis almal plekke deur voorouers gedoop.

Ons dra dan die vreedsame wag oor ons plaas vir die toekoms op aan die Farao-mummiebeeld wat op die horison van Grootsaal op sy rug lê en tot hiertoe so trou die wag gehou het.



*Die Farao-mummie: Op die horison van regs na links is sy voorkop, neus, ken, bors en onder links sy toon.*



*JFD dankie dat jy die die tyd gevat het om jou storie neer te skryf sodat mense 'n ander wêreld kan geniet.*

*Rudi. Allmayer 2023*

--oOo--

Bydraes: Emile Badenhorst, Francois de Kock, Irma Jordaan, Alewyn,Kotie en Elmarie Kriel, Kobus Smit, Sarie van Wyk, Mike Worthington-Jones, Ernie Oosthuizen